

HOOFSTUK 4: PROBLEME BY DIE VERTALING VAN LITERÊRE WERKE UIT NOORD-SOTHO IN AFRIKAANS EN VOORSTELLE VIR MOONTLIKE OPLOSSINGS

4.1. INLEIDING

Vir die doel van hierdie studie is 'n geannoteerde vertaling gemaak van die epiese gedig *Sebilwane* deur N Matome Fela (1961) en die probleme wat in hierdie vertaling teëgekom is, gaan in hierdie hoofstuk bespreek word. Voorstelle vir moontlike oplossings gaan ook aan die einde van die hoofstuk gegee word.

Die epiese gedig *Sebilwane* is vir die doel van hierdie studie gekies, omdat dit verteenwoordigend van die poësie van Noord-Sotho is, aangesien dit 'n epiese gedig is waarin 'n besondere lewensaktiwiteit plaasvind of plig uitgevoer word. Die boodskap, in die geval van *Sebilwane* die lewe-dood-problematiek, word in die vertaling in aanmerking geneem. Aangesien *Sebilwane* 'n epiese gedig is en dus een van die onderafdelings van die Noord-Sotho poësie is, word dit gekenmerk deur poëtiese taalgebruik wat beeldryk en verhewe en nieberiggewend van aard is. Die Noord-Sotho poësie is ryk aan kultuurgebonde uitdrukkings en die unieke taalgebruik van die Noord-Sotho poësie skep dus heelwat probleme by die vertaling van kultuurfasette.

Die uittreksel uit *Sebilwane* wat vertaal is, is in drie stadia gedoen. Die eerste stadium is 'n basiese een-tot-een formele ekwivalente vertaling van die oorspronklike Noord-Sotho teks. Hierdie interliniêre, oftewel woord-vir-woord-vertaling, fokus die aandag op die formele grammatikale eienskappe van Noord-Sotho. Die tweede stadium is 'n linguisties-kongruente vertaling van die oorspronklike Noord-Sotho teks en dus 'n reproduksie van die eerste vertaling in herkenbare Afrikaans. In 'n linguisties-

kongruente weergawe word die woordeskat en grammatika van die brontaal deur die woordeskat en grammatika van die doeltaal vervang. Hierdie vertaling van die Noord-Sotho teks besit nie die eienskappe van Afrikaanse diskoers nie, omdat net die semantiese inhoud van die Noord-Sotho teks daarin weergegee word. Die derde stadium is 'n dinamies ekwivalente vertaling wat soos Afrikaans lees en die semantiese inhoud, sowel as die emosionele impak van die oorspronklike Noord-Sotho teks weergee. Soos die geval is met Noord-Sotho poësie is *Sebilwane* ryk aan beeldspraak en veral metafore. Hierdie metafore is in die eerste en tweede stadium direk vertaal. In die derde stadium, die dinamies ekwivalente vertaling, word die metafoor vertaal en die beeld wat deur die metafore gesuggereer word, word in die voetnota verduidelik. Die rede waarom die vertaling van *Sebilwane* in drie stadia gedoen is, is om aan die leser die verskil uit te wys tussen die letterlike vertaling van 'n Noord-Sotho literêre teks en die dinamies ekwivalente vertaling van 'n Noord-Sotho literêre teks waarin die beeldspraak verklaar word. Vanweë die omvang van die gedig - en dus ook die vertaling daarvan - kan net sekere gedeeltes van die teks en die drie soorte vertalings in die studie opgeneem word. 'n Spesifieke gedeelte van die gedig is bewustelik gekies, aangesien daar in dié gedeelte 'n ryke verskeidenheid kultuurgebonde uitdrukkings voorkom wat inhoudelik die tipiese epiëse elemente van die Noord-Sotho gedig weerspieël. Hierdie gedeelte leen hom verder ook uitstekend tot die deeglike ondersoek van die stilistiese elemente van Noord-Sotho literêre werke. Op hierdie wyse word die innerlike, sowel as die uiterlike kenmerke wat by die interpretasie en vertaling die hoofmomente is, van naderby beskou.

4.2. OORSIG OOR DIE GEBEURE IN *SEBILWANE*

Die stat van Mokutu wat teen 'n berg geleë is, word in die nag ingeval terwyl almal slaap. Op die oog af lyk dit of die stat deur onbekende aanvallers ingeval is bloot om

die inwoners uit te wis. Later in die gedig blyk dit dat die stat met 'n doel ingeval is: **MmaMorati**, een van koning **Mokutu** se surrogaatvroue, het geboorte aan 'n kind geskenk, terwyl **MmaMothei**, die koningsvrou van die stam wat die stat ingeval het, ook die lewe aan 'n kind geskenk het. Uit die gedig kan afgelei word dat die kind van **MmaMothei** misvorm of doodgebore is. Soos bespreek in voetnota 32 van bylae D, is 'n baba wat misvorm of doodgebore is 'n skande in die Pedikultuur en 'n misvormde baba word gewoonlik doodgemaak. Toe die stam van die koningsvrou **MmaMothei** dit te hore kom dat daar 'n kind in die stat van **Mokutu** gebore is, het hulle die stat ingeval met die doel om chaos te veroorsaak. Onder die chaos sou hulle dan die twee babas omruil, sodat dit lyk asof die baba van **MmaMorati** misvorm of doodgebore is. Die vertaling begin waar 'n bloedige geveg tussen die twee stamme uitbreek. Chaos ontstaan toe die inwoners probeer vlug. Feitlik al die inwoners van die stat van **Mokutu** word uitgewis. Net **MmaMorati**, die surrogaatvrou van koning **Mokutu** en **Letlakaduma**, die persoon wat die oorlogsinstrumente van die stat opgepas het, het oorleef. Die oggend na die geveg is **MmaMorati** aanvanklik bewusteloos, omdat sy die vorige dag kort voor die geveg uitgebreek het, geboorte geskenk het. Sy herwin egter haar bewussyn en drink water uit 'n skepkalbassie om haar dors te les. Terwyl sy die water drink, sien sy dat die hele stat verwoes is en al die inwoners uitgewis is. Sy kyk oor die stat terwyl sy nie kan verstaan wat van die inwoners geword het nie en terwyl sy wonder of dit werklik die stat van **Mokutu** is. Sy smee die voorvadergeeste om aan haar 'n teken te wys sodat sy kan weet waar sy haar bevind. Dan keer haar geheue terug en onthou sy die gebeure wat die vorige dag en nag plaasgevind het. Sy onthou dat sy geboorte geskenk het, maar dat die vroedvroue huiwerig was om die kind aan haar te wys. Sy neem dus aan dat die kind misvorm of doodgebore is en is geweldig hartseer hieroor, omdat sy aanneem dat haar baba doodgemaak is as hy/sy misvorm was. Dan hoor sy skielik die gehuil van 'n baba uit die rigting van die berg. Toe sy nader ondersoek instel, kom sy agter dat die gehuil uit 'n grot in die berg kom en dat

die opening na die grot met 'n klip toegemaak is. Omdat sy nog swak is, is sy nie in staat om die klip alleen te verwyder nie. Skielik hoor sy iemand kreun en sien die hand van 'n mens wat bokant klippe uitsteek. Sy pak die klippe af en kry Letlakaduma daar, wat ook haar oom aan moederskant is. Hy is erg verwond in die geveg en eers lyk dit of hy nie in staat sal wees om MmaMorati te help om die klip voor die grot te verwyder nie, maar gaan dan tog om haar te help. MmaMorati is oorstelp toe sy die kind in haar arms hou en hom/haar laat drink. Letlakaduma het MmaMorati en die baba deeglik beskou en toe besef dat die baba MmaMorati se baba is aan wie sy die vorige dag geboorte geskenk het. Hy kom tot die besef dat die rede vir die geveg was om die babas van MmaMorati en MmaMothei om te ruil. Die vertaling is tot hier in die studie opgeneem.

4.3. PROBLEME WAT MET DIE VERTALING VAN *SEBILWANE* IN AFRIKAANS ONDERVIND IS

Die ondersoek na die probleme waarmee daar in hierdie vertaling te doen gekry is, dui die probleemareas aan wat kan ontstaan in die vertaling uit enige van die Suid-Oostelike Afrikatale, maar die bespreking is beperk tot hierdie spesifieke Noord-Sotho teks.

Die probleme waarmee daar in hierdie vertaling te doen gekry is, gaan onder die volgende hoofde bespreek word:

- * Leksikon, nl. semantiese gebiede, konnotasies, variante vorme en registerverskille, die ideofoon, tussenwerpsels, verkleinwoorde, deverbatiwe naamwoorde, idiomatiese gebruik en woordspeling.

- * Sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke, nl. beklemtoning, hulpwerkwoorde, verbale uitbreidings, sintaktiese kenmerke soos saamgetrokke en verkorte strukture, asook woordorde.
- * Diskoers of redevoering wat kohesie en verband behels, gelyktydige en opeenvolgende handeling, stilistiese eienskappe wat kenmerkend van Noord-Sotho poësie is en wat ritme en tempo, sinslengte, alliterasie en assonansie insluit, vlakke van redevoering, figuurlike taalgebruik, beeldspraak, dubbele ontkenning, asook prosodiese elemente in die gesproke taal wat na toon en fonetiese verskille verwys en die relevansie daarvan by vertaling.
- * Kulturele verskille, met ander woorde taal as uitdrukking van die kultuur van sy sprekers.

Die vertaling van die aangehaalde voorbeelde is in alle gevalle die dinamies ekwivalente weergawe, behalwe waar anders vermeld.

Voordat aandag geskenk word aan die probleme wat met die vertaling van die Noord-Sotho teks in Afrikaans ondervind is, is dit nodig dat enkele grammatikale begrippe eers omskryf en verduidelik word. Sommige begrippe kom nie in Afrikaans voor nie en daarom word dit eers verduidelik om verdere verwysings daarna te vergemaklik.

* Naamwoordklasse

Naamwoorde word in Noord-Sotho in klasse verdeel hoofsaaklik op morfologiese gronde waar klasprefiks en kongruensie twee belangrike kriteria vorm. Daar bestaan altesaam 15 naamwoordklasse in Noord-Sotho wat volgens

'n internasionaal erkende sisteem genommer is. Daar bestaan twee sogenaamde mo-klasse in Noord-Sotho. Die eerste mo-klas is klas 1, oftewel die mensklas. Alle selfstandige naamwoorde in hierdie klas verwys na mense. Eiename, verwantskapsterme en gepersonifiseerde dierename val in klas 1a. 'n Groot verskeidenheid sake kom in die tweede mo-klas voor, naamlik mensgemaakte voorwerpe, bv. **motse** (stat), natuurverskynsels, bv. **mollo** (vuur), liggaamsdele, bv. **monwana** (vinger), diere en insekte, bv. **moswe** (meerkat) en plante, bv. **morula** (maroelaboom) (Louwrens, 1994:126).

* Klasprefiks

Die klasprefiks is in die meeste gevalle die eerste morfeem wat in 'n naamwoordstruktuur voorkom en wat 'n gemeenskaplike woordaspek van 'n groep naamwoorde is (Lombard *et. al.*, 1985:18-20).

bv.: **mokgalabje** ouman
(**mo-** = klasprefiks, **-kgalabje** = naamwoordwortel)

* Onderwerpsmorfeem

Die onderwerpsmorfeem is vormlik 'n konkordiale prefigale morfeem wat van die klasprefiks van die onderwerpsnaamwoord afgelei is. Die onderwerpsnaamwoord is die naamwoord wat normaalweg in 'n sin die grammatiese funksie het om 'n proses of handeling uit te voer of te laat plaasvind (Lombard *et al.*, 1985:102.) Die onderwerpsmorfeem lyk in die meeste gevalle net soos die normklasprefiks, met ander woorde die eerste morfeem van die naamwoord, maar sodra die klasprefiks met 'n nasale klank begin, val die

nasale klank weg en bestaan die onderwerpsmorfeem uit net een vokaal. Die onderwerpsmorfeem is egter 'n prefigale verbale morfeem wat kongruensie tussen die onderwerp en werkwoord bewerkstellig. Hierdie morfeem vervul dikwels 'n pronominale funksie indien die onderwerp uit die sin weggelaat word (Lombard *et al.*, 1985:102-104).

bv.: **Dikgomo di a fula.**

Die beeste wei.

Monna o a ja.

Die man eet.

* Voorwerpsmorfeem

Net soos enige Noord-Sotho onderwerpsnaamwoord 'n eie onderwerpsmorfeem het, het enige voorwerpsnaamwoord in Noord-Sotho ook 'n ooreenstemmende voorwerpsmorfeem. Die voorwerpsmorfeem word in plaas van die voorwerp gebruik wanneer die voorwerp reeds aan die hoorder of leser bekend is (Louwrens, 1994:130). Die voorwerpsmorfeem stem in baie gevalle vormlik met die onderwerpsmorfeem ooreen (Lombard *et al.*, 1985:104).

bv.: **Monna o reka dipuku.**

Die man koop boeke.

Monna o a di reka.

Die man koop dit.

* Besitlike partikel

Soos in die geval van onderwerps- en voorwerpsmorfeeme, het elke naamwoordklas in Noord-Sotho ook sy eie besitlike partikel. Morfologies is die besitlike partikel meerledig. Die besitlike partikel kom tussen die besitting en die besitter voor en verwys na die besitting volgens die naamwoordklas waartoe die

besitting behoort. Die besitlike partikel bestaan uit 'n skakelmorfeem as prefiks plus 'n besitlike kern -a. (Louwrens, 1994:145). So is, byvoorbeeld, die besitlike partikels van klasse 1 en 3 wa, van klas 2 ba, van klasse 4 en 9 ya, klas 5 la, klas 6 a, klas 7 sa en klasse 8 en 10 tša.

bv.: **Ke reka dikgomo tša gagwe.** Ek koop sy beeste.
(**dikgomo** = besitting; **gagwe** = besitter)

* Werkwoordstam

Volgens Lombard *et al.* (1985:101) bestaan basiese werkwoorde in Noord-Sotho uit die onderwerpsmorfeem en die werkwoordstam of -kern en 'n verbale uitgang. Die werkwoordstam bestaan uit die wortel of kern plus een of meer suffigale morfeme (Louwrens, 1994:185), bv.:

(ke) ngwal + a ek skryf
ke = onderwerpsmorfeem
ngwal- = werkwoordstam
-a = verbale uitgang

* Emfatiese strategieë

Die term emfatiese strategieë verwys na tegnieke wat gebruik word om 'n woord in 'n bepaalde konteks te beklemtoon (Louwrens, 1994:61). Een metode om dit te doen, is deur pronominalisasie, bv.:

Banna bona ba boile. Die mans daarenteen, het teruggekeer.

Bona is 'n persoonlike voornaamwoord wat as 'n emfatiese merker in hierdie sin optree en wat na die selfstandige naamwoord banna geplaas word om dit in die gegewe diskoerskonteks te beklemtoon. Voornaamwoorde kan ook voor naamwoorde optree om enfase te bewerkstellig (Louwrens, 1991:93), bv.:

Bona banna ba boile. Die spesifieke mans het teruggekeer.

* Situatiewe merkers

Situatiewe merkers kan voegwoorde of -woordgroepe wees wat situatiewe bysinne voorafgaan. Voorbeelde van sodanige voegwoorde of voegwoordgroepe is ge, mola, mohla, mohla ge en erile ge (Lombard, *et al.*, 1985:181). Sekere hulpwerkwoorde en vraagwoorde gaan ook situatiewe werkwoorde vooraf (Louwrens, 1991:59-60, 146), bv.:

Ke be ke sa tsebe. Ek het nie geweet nie.
(**ke be** = hulpwerkwoord)

Goreng ba sa šome? Waarom werk hulle nie?
(**goreng** = vraagwoord)

Vervolgens word aandag geskenk aan die probleme wat met die vertaling van *Sebilwane* ondervind is. In die bespreking van die probleme wat ondervind is, is sterk gesteun op die werk van Bill (1982), aangesien weinig navorsing nog oor die vertaling van literêre werke uit 'n Afrikataal gedoen is. Bill (1982) konsentreer egter op die probleme wat ontstaan met die vertaling van 'n Tsonga literêre teks in Engels en haar voorstelle is dus na hierdie studie ekstrapoleer.

4.3.1. LEKSIKON

Bill (1982:95) gaan van die standpunt uit dat geen twee tale dieselfde is nie en elkeen sal dus, volgens sy eie inherente linguistiese kenmerke, die reaksie van sy sprekers uitdruk om die werklikheid op verskillende maniere behoue te laat bly. Dit beteken egter nie dat vertaling 'n onmoontlike taak is nie, maar dit behels dat die vertaler ten volle bewus moet wees van die wyse waarop die leksikale items in die bron-, sowel as die doeltaal gerangskik is om sinne te vorm - dus die semantiese reeks. Leksikale items hou met mekaar verband op grond van die betekenis Komponente wat hulle met mekaar deel. Hierdie verbande kan een van twee tipes wees, naamlik 'n paradigmatische verband, soos wat, byvoorbeeld, tussen twee sinonieme bestaan of 'n sintagmatiese betekenisverband soos wat, byvoorbeeld, tussen **mes** en **sny** bestaan. Paradigmatiese en sintagmatiese betekenisverbande bring leksikale items bymekaar wat as 'n **semantiese reeks** bekend staan (De Stadler, 1989:24). Die implikasie hiervan is dat die vertaler ten volle tweetalig moet wees wat die bron-, sowel as die doeltaal betref, aangesien taal die voertuig van kultuur is (Bill, 1982:95).

Die volgende probleme met die vertaling van *Sebilwane* is met die leksikon ondervind:

4.3.1.1. Die afwesigheid van lidwoorde

Die eerste aspek wat met die lees van die teks opval, is dat Noord-Sotho, soos die ander Afrikatale, geen lidwoorde ('n of **die**) het nie. Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

Dintlo di sekame,
Maboto a wele,
Malapa a phušutšwe,
Merako e sekame...
A gopola badimo gape,
A ba gopola badimo ba gabo:
"Mpontšheng sešupo badimo bešo,
Šešupo sa gore le a mpona, le a nkwa... (bylae A, p. 4 reël 3-10)

Die hutte lê skuins,
Die mure het omgeval,
Die werwe is verniel,
Die klipmure lê skuins...
Haar gedagtes keer terug na die voorvadergeeste,
sy dink weer aan die voorvadergeeste van haar mense:
"Voorvaders van ons mense, wys vir my 'n teken,
'n teken dat julle my sien, dat julle my hoor... (bylae D, p. 7 reël 14-17 tot
p. 8 reël 1-4)

Die selfstandige naamwoorde **hutte**, **mure**, **werf**, **klipmure** en **voorvadergeeste** in Afrikaans verwys na spesifieke voorwerpe en vereis dus dat die bepaalde lidwoord die hierdie selfstandige naamwoorde moet voorafgaan. Die selfstandige naamwoord **teken** aan die ander kant verwys nie na 'n duidelik gedefinieerde, spesifieke selfstandige naamwoord nie en die onbepaalde lidwoord gaan hierdie selfstandige naamwoord vooraf. Die vertaler van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans sal dus hierdie ontbrekende elemente uit die konteks moet aflei, aangesien geen een van hierdie lidwoorde ekwivalente vorme in Noord-Sotho het nie.

4.3.1.2. Die gebruik van dieselfde persoonlike en besitlike voornaamwoord, asook onderwerpsmorfeme vir al die selfstandige naamwoorde in klas 1

In Noord-Sotho word dieselfde voornaamwoord vir **hy** en **sy** (wat na selfstandige naamwoorde in klas 1 verwys), gebruik, nl. yena (Lombard *et al.*, 1985:86). Dié voornaamwoorde genereer ook dieselfde onderwerpsmorfeme, nl. o in die positiewe aktualiteit indikatiewe onvoltooide modus en a in die ander modi. Die besitlike voornaamwoord gagwe word ook gebruik om beide die betekenis **van hom of haar** uit te druk (Lombard *et al.*, 1985:94).

bv: Ngwana go bonala bokgatha bo le gona;
A swarelela MmaMorati ka mafolofolo,
A fonafona kgareng ya MmaMorati ka thabo,
Bjaka bana ba hlakana le bomm'a bona.
Ge a re o tšwela ka ntle mosadi,
A gopola mmago ngwano yoo,
A robetše a rile tu...
A hwetša molomo o lekella a homotše,
A tonya, a iketše Bokgalaka, Boyobosaboe!
A šetše a omeletše a homoletše ruri.
Ge a mo lebelela a mo lemoga, (bylae A, p. 9 reël 26-37)

Dit is duidelik dat die kind versorg is
hy hou MmaMorati stewig vas,
hy gryp uitbundig na die grasring om haar kop
net soos wanneer kinders met hul ma's verenig word.

Toe Letlaka praat, kom die vrou na buite,
hy dink dat sy die ma van die kind is,
hy slaap, hy is doodstil...

Letlaka is haastig om terug te gaan om hom te beskou

Hy sien die mond is effens oop, hy is stil.

Hy is koud, hy is regop, die Lewe Hierna, die Sterwende

Hy is reeds drooggemaak, hy is regtig stil.

Toe hy hom van naderby beskou, herken hy hom. (bylae D, p. 18 reël 8-19)

In hierdie gedeelte is daar drie selfstandige naamwoorde wat in klas 1 (die mensklas) van Noord-Sotho voorkom, nl. ngwana (kind), mosadi (vrou) en Bokgalaka ('n eienaam). Aangesien die onderwerps- of voorwerpsnaamwoord reeds aan die leser bekend is, kan dit weggelaat word en word daar net na die naamwoord verwys deur middel van die onderwerpsmorfeem a (hy/sy) of die voorwerpsmorfeem mo (hom/haar). In sulke gevalle verkry die onderwerps- en voorwerpsmorfeem 'n voornaamwoordelike funksie (Louwrens, 1991:94). Dit is dus baie moeilik om te bepaal na watter een van die drie persone verwys word. Die vertaler moet dus veral let op kontekstuele leidrade (bv. selfstandige naamwoorde en werkwoorde wat die persone beskryf) om sodoende in staat te wees om die outeur se bedoeling korrek oor te dra. Vergelyk ook die onderstaande voorbeeld:

Ngwana yo ke ngwan'a Mokutu,

Ke ngwan'a diphirikgolo tša koma y'a Mokutu,

Ke yena yo a laditšego banna bošego, (bylae A, p. 12 reël 3-5)

is hierdie die kind van Mokutu se plek,

Dit is die kind van die groot geheime van die bergskool van die plek van Mokutu

Dit is hy wat die mans niksvermoedend en rustig in die nag laat slaap het (bylae D, p. 23 reël 5-7).

In hierdie voorbeeld word daar na twee selfstandige naamwoorde verwys wat mense is, nl. Mokutu ('n eienaam - in klas 1a) en ngwana (kind - in klas 1). Wanneer daar 'n tweede keer na die kind verwys word, word die selfstandige naamwoord weggelaat en die persoonlike voornaamwoord yena (hy/sy) word gebruik. Die vertaler moet dus onderskei of daar na Mokutu of die kind verwys word. Vergelyk ook die onderstaande voorbeeld met betrekking tot die besitlike voornaamwoord:

Mogopolo wa gwe wa fetla taba ye.

Ge ngwana yo a mama sehubeng se,

Ge pelo ya gwe e lokologile,

Ge menwanyana ya gwe e phutholetše ruri, (bylae A, p. 11 reël 31-34)

Hierdie gedagte van hom maak meteens die saak duidelik:

As hierdie kind aan die bors drink,

as haar hart ongebonde is,

as sy vingertjies regtig oopvou, (bylae D, p. 23 reël 7-10)

In bogenoemde voorbeeld is daar verwysing na drie selfstandige naamwoorde wat mense is, nl. Letlaka - 'n eienaam in klas 1a - en MmaMorati - 'n eienaam in klas 1a - wat albei vroeër in die teks genoem is en nou weggelaat is omdat dit aan die leser bekend is, en ngwana (kind - in klas 1). Die besitlike voornaamwoord van al drie

hierdie persone is gagwe. Die vertaler moet weereens fyn oplet na kontekstuele leidrade om te bepaal na watter persoon verwys word om die betekenis van die outeur reg oor te dra.

Soos reeds genoem, word die persoonlike voornaamwoord **yena** of die onderwerpsmorfeem **o** gebruik om hy/sy uit te druk en die besittlike voornaamwoord **gagwe** om van hom/haar uit te druk. Indien die naam van 'n persoon nie genoem word nie, is dit moeilik om te bepaal wat die geslag van die persoon is, soos, byvoorbeeld, in die geval van 'n baba. In die gedig word daar net na die **baba** of die **kind** verwys en geen melding word van die geslag van die kind gemaak nie.

bv.: Lesea la fonafona la ba la humana gona;
La ikakatlelela ka menwana mesese,
La hupa ka molomo, la nyanya...
La nyanya lesea, la nyanya! (bylae A, p. 10 reël 30-33)

en toe soek die baba die bors en vind dit;
hy vat dit met dun vingers vas
en steek dit in sy mond en drink...
en toe drink die baba, hy drink... (bylae D, p. 20 reël 12-15)

Die baba is in hierdie teks met hy vertaal terwyl daar geen taalkundige verwysing bestaan wat 'n onderskeid tussen hy en sy aantoon nie.

4.3.1.3. Die leksikon van die Afrikatale

Bill (1982:95) gaan van die standpunt uit dat die vertaler 'n persoon moet wees wat nie net oor 'n kernwoordeskat beskik nie, maar ook oor 'n uitgebreide en baie ryk woordeskat wanneer dit by die vertaling van 'n Afrikataal kom.

bv: Ka tokologwana ya moya,
Tokologwana ya moya le ya mmele! (bylae A, p. 11 reël 13-14)

met 'n effense opwelling van die gemoed,
met 'n opwelling van die gemoed en bewing van die liggaam! (bylae D,
p. 21 reël 11-12)

Die woord moya (lug, asem, damp, wind) het baie meer semantiese onderskeidings as in Afrikaans. Die vroeë sendelinge het hierdie woord 'n bykomende betekenis van 'siel' gegee. Hulle het dit ook met 'n hoofletter geskryf en dit in die frase Moya o Mokgethwa (die gees van die uitverkore, heilige persoon) gebruik om die betekenis van die Heilige Gees uit te druk.

Vergelyk ook die onderstaande voorbeeld:

Rena re patlame fela malaong, (bylae A, p. 7 reël 10)

Ons het net plat onder die beddens gelê, (bylae D, p. 13 reël 14)

In Noord-Sotho word die werkwoordstam patlama gebruik om die betekenis plat lê uit te druk. Die betekenis wat deur middel van 'n bywoord en 'n werkwoord in Afrikaans

uitgedruk word, kan dikwels deur een werkwoordstam in Noord-Sotho uitgedruk word. Hierdie leksikale item dek dus 'n kleiner semantiese area as die Afrikaanse ekwivalente term. Net so word daar van 'n enkele werkwoordstam in Noord-Sotho gebruik gemaak om die betekenis **bietjie** of **effens** in Afrikaans uit te druk (Lombard *et al.*, 1985:137). Die werkwoordstam in Noord-Sotho word verdubbel en as een woord geskryf, terwyl daar in Afrikaans van 'n bywoord, nl. **bietjie** of **effens** gebruik gemaak word om die werkwoord te beskryf, bv.:

Mmele wa ka o ya tekateka,

Tsebe ya ka e ya lomaloma,

Mahlo a ka a' tima-tima,

Hlogo ya ka e a dumaduma; (bylae A, p. 2 reël 36-38 tot p. 3 reël 1)

my liggaam is effens bewerig,

my ore druis effens,

my oë brand effens,

my kop dreun effens. (bylae D, p. 5 reël 1-4)

4.3.1.4. Deverbatiewe naamwoorde

Nog 'n aspek wat probleme by die vertaling opgelewer het en wat vereis dat die vertaler van Afrikatale oor 'n uitgebreide en baie ryk woordeskat beskik, is deverbatiewe naamwoorde. Deverbatiewe naamwoorde is 'n term wat gebruik word om te verwys na 'n naamwoord wat 'n korresponderende werkwoordwortel het. Dit behels dat 'n klasprefiks vooraan die werkwoordstam gevoeg word wat daartoe aanleiding gee dat die kategoriale uitgangsmorfeem -a na -i of -o verander. Deverbatiewe naamwoorde wat na mense verwys, neem gewoonlik -i. In die geval van deverbatiewe naamwoorde

wat na niemenslike voorwerpe verwys, verander die kategoriale uitgangsmorfeem na -o (Louwrens, 1994:53).

bv.: A fihla a nweša segobadi meetse, (bylae A, p. 6 reël 26)

Sodra sy die beseerde bereik, laat sy hom water drink, (bylae D, p. 11 reël 16)

In hierdie voorbeeld korrespondeer die deverbatiëwe naamwoord segobadi met die werkwoordstam gobala wat seerkry, besering opdoen, beseer word, verongeluk of verwond raak beteken. Die klasprefiks van klas 7, naamlik se- is vooraan die werkwoordstam gobala geplaas en die deverbatiëwe kategoriale morfeem -i het -a vervang. Die slotsillabe -li is verander na -di as gevolg van die kombinasie van bepaalde morfeme wat tot fonemiese of klankkombinasies aanleiding gegee het en wat uitspraak bemoeilik. Dit noodsaak die aanpassing van hierdie fonemiese kombinasies om dit versoenbaar met die normale fonologiese patroon van die taal te maak (Louwrens, 1994:116). Die deverbatiëwe naamwoord segobadi is met beseerde vertaal.

4.3.1.5. Die konnotasies van leksikale items

Konnotasies van leksikale items wat vertaal moet word, veroorsaak dikwels probleme.

bv.: Pelo ya gwe ge e rothotha e itšalo, (bylae A, p. 10 reël 18)

So maak hart as dit intensief klop, (bylae D, p. 20 reël 1)

Die betekenis van die werkwoordstam rothotha is dig val, afstof, afransel, uitklop, uitskud, val (soos hael), met 'n knuppel slaan, grasdak afgooi. **So maak haar hart as dit intensief klop** is gebruik om bogenoemde sinsnede te vertaal, alhoewel dit steeds 'n bietjie lomp in vergelyking met die simplistiese rothotha is.

4.3.1.6. **Verskeidenheid van diskoersvlakke en registers van woorde**

Die vertaler moet bewus wees van 'n verskeidenheid vorme van woorde wat in verskillende registers voorkom.

Die woorde mogopolo en kgopolo beteken albei gedagte, idee, opinie, mening en is van die werkwoordstam gopola (dink, onthou, nadink, in gedagte hê, voor oë hou, dink aan, praat van, daaraan dink, herinner, redeneer, van plan wees) afgelei. Mogopolo word egter gebruik om na 'n gedagte of gevoel van 'n bepaalde persoon te verwys, terwyl kgopolo na 'n onafhanklike idee verwys.

bv: Ya ka mogopolo wa gwe o a bolela: (bylae A, p. 3 reël 13)

En toe vra sy saggies by haarself: (bylae D, p. 5 reël 16)

A iphophola MmaMorati ge go tla kgopolo ye; (bylae A, p. 3 reël 26)

MmaMorati bevoel haarself toe hierdie gedagte by haar opkom; (bylae D, p. 6 reël 13)

Vergelyk ook die onderstaande voorbeeld:

Gwa re kgalabje-kgalabje tša Bokgalaka, (bylae A, p. 7 reël 6)

dat die ou oupas van die lewe hierna (bylae D, p. 13 reël 10)

Die woord Bokgalaka beteken letterlik afstand of verte. Uit die teks kan afgelei word dat dit na die hemel of die hiernamaals verwys. Die begrip van die Noord-Sotho mense van die hiernamaals verskil egter totaal van die Westerse begrip van die hiernamaals. In hierdie teks is dit dus met die lewe hierna vertaal.

In die onderstaande voorbeeld is Bokgalaka egter met heme! vertaal op grond van die semantiese veld waarin die woord gebruik word. Bokgalaka verwys in hierdie konteks na 'n bepaalde ruimte, nl. die lug, en nie na die ewige lewe nie.

bv.: A gatella nna Letlakaduma, "nonyan'a Bokgalaka (bylae A, p. 7 reël 26-27)

die klippe het my, Letlakaduma, "voël van die heme!, vasgedruk, (bylae D, p. 14 reël 10)

4.3.1.7. Eienskappe van geskrewe taal vs. eienskappe van gesproke taal

Geskrewe taal bevat bepaalde konvensies wat nie in die gesproke taal voorkom nie, bv. hoofletters, punktuasie en paragrafering. So kan elke reël in die gedig met 'n hoofletter begin. In die dinamies ekwivalente vertaling begin elke reël nie noodwendig met 'n hoofletter nie. Die vertaling lees meer vloeiend indien elke reël nie met 'n

hoofletter begin nie. Indien elke reël met 'n hoofletter begin, is die leser geneig om elke sin op sy eie te lees en die breër konteks buite rekening te laat. Ekwivalensie van vorm het in 'n mate verlore gegaan.

bv.: A retologa ge a bona a šitwa MmaMorati,
A retologa a leba motseng,
A tšama a loma lepena la molomo,
A loma la ka fase ka meno a ka godimo.
A le loma, a tshwenyega monaganong,
A tsoma tsela yeo a ka bulago lefsika,
Fsika le fihlilego sellwana sa ngwana;
Le ge a b'a sa nagane gore na ke mohlolo mang
Ngwana a lla ka maleng a thaba (bylae A, p. 5 reël 13-21).

MmaMorati draai om toe sy sien dat sy onsuksesvol is,
sy draai om en beweeg in die rigting van die stat,
terwyl sy voortdurend op haar onderlip byt,
sy byt haar onderlip met haar botande,
sy byt haar onderlip terwyl haar gemoed vol kommer is,
sy probeer aan 'n manier dink om die klip weg te rol,
die klip waaragter die sagte gehuil van die kind opklink;
alhoewel sy nie daaraan gedink het watter wonder dit is
dat die kind in die grot in die berg huil nie. (bylae D, p. 9 reël 22-23)

In sommige gevalle is punte in die vertaling ingevoeg wat nie in die Noord-Sotho teks voorkom nie en kommapunte in die Noord-Sotho teks is met punte in die vertaling vervang ter wille van beter ritme in die Afrikaanse weergawe sodat die leser sinne of

sinsdele wat 'n eenheid vorm, saamlees om sodoende eenhede van betekenis bymekaar te hou, bv.:

Mokgoši wa kgeiga bošego
Batho ba phafoga ka go phapharega,
Go sa tsebje hlago ya mokgoši;
ke kgu!! keu!!! pholo!!!!
Go befile...
Go kwala phathaphatha ya maoto a bana,
Le kiikii ya bagolo;
Batho ba thulana ka dihlogo! (bylae A, p. 1 reël 2-9)

Die alarm skeur deur die nag.
Die mense skrik skielik wakker,
sonder dat hulle weet wat die oorsaak vir die geraas is.
Boem!! Boem!! Doef!!! klink dit op!
Dinge lyk sleg...
Vinnige voetstappe van kinders klink op,
en die swaar gehamer van die grootmense se voetstappe.
Die mense hardloop teen mekaar vas! (bylae D, p. 1 reël 2-9)

In die onderstaande voorbeeld is die woorde Bokgalaka (die lewe hierna) en Bakgalaka (voorvaders) telkens met 'n hoofletter geskryf. In die vertaling is dit met kleinletters geskryf, behalwe in bylae D, p. 18 reël 17 waar **Bokgalaka** na 'n persoon verwys en dus 'n eienaam is.

bv.: Ba tla go wa tlogolo tša Bakgalaka,
Tlogolo tša Bakgalaka ba Bokgalaka (bylae A, p. 12, reël 18-19)

Toe hulle gekom het na die stat van die voorvaders,
het hulle gekom om die stat van die nageslag van die voorvaders
in te val (bylae D, p. 24 reël 8-9)

4.3.1.8. Probleme as gevolg van idiomatiese gebruik

'n Verdere probleem wat verband hou met die leksikon van die brontaal, is daardie probleme wat ontstaan as gevolg van idiomatiese taalgebruik. Ekwivalensie en die vertaling van idiome is breedvoerig onder 2.6 bespreek. Met die vertaling van idiome duik die volgende vraag telkens op:

"Wat staan die vertaler te doen indien die doeltaal nie 'n ekwivalente idiomatiese uitdrukking besit nie - wat heel dikwels die geval is? Moet die vertaler 'n letterlike vertaling gee, moet hy/sy parafraseer of moet hy/sy probeer om 'n dinamies ekwivalente vorm te vind?"

Bezuidenhout (1981:4) stel voor dat daar met die vertaling van spreekwoorde en gesegdes veral op die volgende gelet moet word: taalverskille, begripsprobleme en meervoudige betekenisse.

As gevolg van taalverskille is dit moeilik vir 'n nie-Sothospreker om 'n Noord-Sotho spreekwoord of gesegde presies te verstaan en te evalueer. Die rede hiervoor is dat die skepping van die spreekwoord en gesegde geskied in elke persoon se eie taal en in 'n eie dialek teen 'n bepaalde kulturele agtergrond wat uitgedruk word in woorde wat saamhang met die belewenis van die skepper van die spreekwoord. Ntsanwisi

(1965:8) beweer soos volg in dié verband:

....people express concepts in terms of the language which they speak; the Tsonga people think in terms of Tsonga culture, and their ideas, thoughts, concepts and expressions of life, and mode of expression are all of a piece with their language pattern.

Mense buite 'n betrokke kultuur kan dit moeilik vind om te verstaan wat 'n spreekwoord of gesegde in 'n ander taal eintlik wil sê en wat dus begripsprobleme meebring. Dit hang gewoonlik saam met die kultuur: die gebruike, lewenspatrone, begrippe en eienskappe van diere (Bezuidenhout, 1981:5). Soos genoem onder 2.6.2 doen Lefevere (1992a:102) aan die hand dat die vertaler in so 'n geval hom/haar moet wend tot woorde met verwante betekenisse of selfs tot parafrases. Indien die vertaler voor 'n spreekwoord, idioom of metafoor te staan kom, moet hy/sy dit nie met 'n ander spreekwoord, idioom of metafoor vertaal nie. Hy/sy moet die woorde weergee soos hulle is en, indien hul betekenis onduidelik is, moet hy/sy dit kortliks in die kantlyn of met behulp van 'n voetnota verduidelik. Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

Ge o phutha thopa, thopa le yona e a go phutha. (bylae A, p. 12, reël 34)

Die letterlike betekenis van die spreekwoord is: As jy 'n geheim bedek, sal die geheim jou ook bedek. Die spreekwoord is soos volg vertaal: As jy 'n geheim bewaar, sal die geheim ook jou bewaar (bylae D, p. 25 reël 2).

4.3.1.9. Woordspeling

Woordspeling lewer ook probleme op in vertaling, aangesien dit moeilik vertaalbaar of

soms byna onvertaalbaar is.

bv: Gwa re kgalabje-kgalabje tša Bokgalaka (bylae A, p. 7 reël 6)

dat die ou oupas van die lewe hierna (bylae D, p. 13 reël 10)

Die woord Bokgalaka beteken die lewe hierna en verwys dus na die plek van die afgestorwenes.

4.3.1.10. Eiename

Die vertaling van eiename lewer veral probleme op. Noord-Sotho eiename het feitlik altyd 'n geïmpliseerde onderliggende betekenis - dit sinspeel dikwels op 'n karaktertrek van 'n persoon wat veral in die geval van prysname prominent is. Die vraag is of die vertaler hierdie geïmpliseerde betekenis van 'n eienaam moet vertaal of nie. Die vertaler moet soek na moontlikhede om die onderliggende betekenis van die naam duidelik uit die vertaling te laat blyk. Volgens Newmark (1982:70) val eiename normaalweg "buite" taal, wat ook die geval is met die eiename wat in *Sebi/wane* voorkom. Newmark (1982:70) voer verder aan dat eiename onvertaalbaar of moeilik vertaalbaar is en dus nie vertaal moet word nie. Tensy 'n voorwerp of 'n persoon se naam alreeds 'n aanvaarbare vertaling het, moet dit nie vertaal word nie, maar onveranderd gelaat word, tensy die naam as 'n metafoor gebruik word - 'n gebruik wat veral prysname in Sotho kenmerk. Volgens hom moet daar egter uitsonderings gemaak word. Daar kan dus van die volgende metodes gebruik gemaak word: Eerstens kan die eienaam direk vertaal word. Tweedens kan die eienaam onvertaald gelaat word en die betekenis daarvan kan in 'n voetnota verduidelik word. 'n Omskrywing van die persoon se eienskappe kan ook gegee word sodat die betekenis

duidelik blyk. Vir die doel van hierdie vertaling is eienaam onvertaald gelaat en die betekenis daarvan is in 'n voetnota verduidelik.

4.3.1.11. Ideofone

Die ideofoon is ook 'n belangrike komponent van die leksikon in vertaling waarmee rekening gehou moet word. Dit kom baie algemeen in die geskrewe en gesproke vorme van Noord-Sotho voor. Lombard *et al.* (1985:182) beskryf ideofone soos volg:

Ideofone is die foniese verteenwoordiging (klanksimbolisme) van menslike gewaarwordinge soos sien, hoor, tassin, reuksin, smaak en ook innerlike gevoel.

Bill (1982:97) maak die stelling dat ideofone in Afrikatale nie bloot net klanknabootsing is soos wat bv. **swish** en **cuckoo** in Engels is nie. Dit druk intensiteit, onmiddellikheid of kwaliteit van 'n handeling uit, 'n beweging, 'n gebaar, 'n kleur. Hulle kan alleen as 'n onafhanklike deel van 'n sin staan, of hulle kan beskrywend as kwalifiseerders van 'n naamwoord of 'n werkwoord gebruik word, of hulle kan soos werkwoorde optree wanneer hulle predikatief gebruik word. Dit is dikwels moeilik om 'n ideofoon doeltreffend te vertaal, as gevolg van die uiteenlopende geassosieerde idees (Bill, 1982:98).

bv: Goba ya kwa swahlaswahla mahlareng a omilego, (bylae A, p. 4 reël 22)

of 'n geritsel tussen die droë bome hoor (bylae D, p. 8 reël 16)

Die woord swahlaswahla is 'n ideofoon wat die klank naboots van diere wat vinnig deur

die takke van bome hardloop. Die verdubbeling van die ideofoon in hierdie geval, druk die betekenis **effens** uit, daarom is dit vertaal met '**n geritsel tussen die droë bome**. Vergelyk ook die onderstaande voorbeeld:

A robetše a rile tu... (bylae A, p. 9 reël 32)

hy slaap, hy is doodstil... (bylae D, p. 18 reël 14)

In Noord-Sotho word die ideofoon tu as komplement van die werkwoord go re/itše/rile (om te sê/het gesê) gebruik om die betekenis doodstil uit te druk.

4.3.1.12. Tussenwerpsels

Tussenwerpsels is ook moeilik vertaalbaar en word veral in uitroepsinne gebruik (Lombard *et al.*, 1985:185). Daar is nie altyd 'n bevredigende ekwivalente vertaling vir tussenwerpsels nie en die vertaler moet self 'n aanvaarbare vertaling skep deur die konteks in ag te neem. Oor die algemeen het tussenwerpsels die betekenis van aandag trek of die aandag vestig op iets (Lombard *et al.*, 1985:185). Die tussenwerpsels van Noord-Sotho is eenledig en redupliseerbaar, bv.:

A re: "Joo-nna-nna-we..." (bylae A, p. 2 reël 23)

terwyl sy kerm: "O hete, ag tog..." (bylae D, p. 4 reël 6)

".....Jo...Jo...Jo...Jo...Jo...!!!!" (bylae A, p. 8 reël 31-32)

".....My genade.... my genade.... my genade... my genade!!!!" (bylae D, p. 16 reël 22)

Vergelyk ook die onderstaande voorbeeld:

A re: O mang wena mosadi towe... (bylae A, p. 6 reël 32)

Hy vra: Wie is jy, vervlakste vrou... (bylae D, p. 11 reël 22)

In hierdie voorbeeld is **towe** 'n uitroep van afkeuring wat met vervlakste vertaal is.

4.3.1.13. Diminutiewe (verkleinwoorde)

Diminutief is 'n term wat verwys na 'n naamwoord waaraan een van die suffikse **-ana** (met sy wisselvorm **-ane**) of **-nyana** (met sy wisselvorm **-nyane**) gevoeg word. Eersgenoemde druk gewone verkleining uit terwyl laasgenoemde soms ook intensiewe verkleining uitdruk (Lombard *et al.*, 1985:76). In sekere kontekste kan die diminutiewe suffiks ook gebruik word om liefde, waardering en affeksie of weersin, teensin of agteruitgang aan te dui (Louwrens, 1994:54). Die aanvoeging van die suffiks **-nyana** aktiveer geen fonologiese prosesse in die woord nie. Die suffiks **-ana** aktiveer, soos in die geval van aanvoeging van werkwoordekstensies, in sekere gevalle fonologiese prosesse. Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

Sellwana sa ngwana se sepediša madi a gwe, (bylae A, p. 5 reël 11)

en die sagte gehuil van die kind laat haar bloed bruis, (bylae D, p. 9 reël 20)

In bogenoemde voorbeeld is die diminutiewe agtervoegsel **-ana** aan die naamwoord **sello (die gehuil)** gevoeg wat die fonologiese proses geaktiveer het waar die slotvokaal -o van **sello** na 'n -w- (**sellwana**) verander het. Dit is egter nie in Afrikaans moontlik om 'n verkleining van die gehuil te vorm nie en **sellwana** is dus met **die sagte gehuil** vertaal.

4.3.2. SINTAKTIESE KENMERKE

4.3.2.1. Die probleem van woordvolgorde

Die eerste opvallende kenmerk van die Noord-Sotho grammatika wat na vore tree met die vertaling van 'n Noord-Sotho teks in Afrikaans is die verskil in woordvolgorde tussen Afrikaans en Noord-Sotho. Noord-Sotho is 'n SVO-taal en die woordvolgorde in sinne is subjek, verbum, objek (Prinsloo, 1985:128). In stelsinne in Afrikaans is die woordvolgorde ook subjek, verbum, objek. In meervoudige sinne in Afrikaans word die werkwoord in die bysin aan die einde van die sin geplaas en dus ook na die voorwerp (Prinsloo, 1985:135) en is die woordvolgorde SOV. Vergelyk die onderstaande voorbeeld uit die letterlike vertaling:

A lomantšha a re o rapa maatla ka moka

A re o rapa maatla go bula setswalelo (bylae A, p. 5 reël 8-9)

Sy byt (op tande van haar) sy is van voorneme sy bymekaarskraap krag alles

Sy is van voorneme sy bymekaarskraap krag om oop te maak prop (bylae B, p. 7 reël 7-8)

Die dinamies ekwivalente weergawe van hierdie vertaling is soos volg:

sy byt op haar tande terwyl sy al haar krag bymekaarskraap
sy skraap al haar krag bymekaar om die prop oop te maak, (bylae D, p. 9 reël 17-18)

Uit hierdie voorbeeld is dit dus duidelik dat daar soms 'n drastiese verskil tussen die woordvolgorde in Afrikaans en Noord-Sotho kan bestaan.

Bepalers soos adjektiewe wat attributief gebruik word, word in Afrikaans voor die selfstandige naamwoord geplaas, wat nie altyd die geval in Noord-Sotho is nie. In Noord-Sotho is die volgorde binne die woordgroep dikwels naamwoord:bepaler.

bv.: Ke tsene tsela-telele e yago Bokgalaka; (bylae A, p. 8 reël 21)

ek het by die lang pad gekom wat lei na die lewe hierna; (bylae D, p. 16 reël 120)

Vergelyk ook die posessiewe woordgroep wat gebruik word om kwalifikatief in Noord-

Sotho op te tree. Die onderstaande is die letterlike vertaling van so 'n voorbeeld:

Sellwana sa ngwana se sepediša madi a gwe,

Pelo e llele go mo khuparetša sehubeng sa gwe. (bylae A, p. 5 reël 11-12)

Gehuil bietjie van kind dit laat loop bloed van haar,

Hart dit huil vir om hom toe te maak teen bors van haar (bylae B, p. 7 reël 10-11).

Wat uit hierdie voorbeeld opval, is dat daar nie 'n ekwivalent in Noord-Sotho vir se is om besitting uit te druk nie. Die besitting volg altyd na die besitter in Noord-Sotho wat nie noodwendig altyd die geval in Afrikaans is nie, bv. haar bloed. In Noord-Sotho word die besitting deur die besitlike partikel gegenereer om die besitting met die besitter te verbind, bv. madi a gwe (die bloed van haar) (Louwrens, 1994:145-147).

Hierdie gedeelte is soos volg in die dinamies ekwivalente weergawe vertaal:

en die sagte gehuil van die kind laat haar bloed bruis;

haar hart smag daarna om hom teen haar bors toe te maak. (bylae D, p. 9 reël 20-21)

4.3.2.2. Beklemtoning in Noord-Sotho

In Afrikaans is klem 'n suprasegmentele eienskap en die spreker aksentueer die woord wat hy/sy wil beklemtoon deur middel van klem. Dit kan in 'n woord plaasvind, bv. onthóú, of dit kan in die middel van 'n sin plaasvind. So kan die sin "Het jy hom

gesien?" verskillende betekenis hê, na gelang van die woord wat beklemtoon is. Noord-Sotho het nie woordklem soos Afrikaans nie (Van Wyk *et.al.*, 1990:5).

In die Afrikatale word twee hoofstrategieë gebruik om klem aan te dui, nl. verandering van woordvolgorde en pronominale beklemtoning (Bill, 1982:99-100).

bv: A re: O mang wena mosadi towe... (bylae A, p. 6 reël 32) (pronominale beklemtoning)

Hy vra: Wie is jy, vervlakste vrou... (bylae D, p. 11 reël 22)

Alhoewel wena in hierdie voorbeeld 'n nie-anaforiese voornaamwoord is, bewerkstellig dit wel emfase. Nie-anaforiese voornaamwoorde kan nie naamwoorde vervang of verteenwoordig nie. Alhoewel hierdie voornaamwoorde dus nie struktureel in 'n grammatiese verhouding tot spesifieke naamwoorde staan nie, kan dit sekere naamwoorde bepaal of beklemtoon. Die sin sou nog steeds grammatikaal korrek gewees het indien wena uit die sin weggelaat sou gewees het. Deur wena in die sin in te voeg, word pronominale beklemtoning bewerkstellig.

Die onderstaande is 'n voorbeeld van verandering van woordvolgorde:

O hlabetšwe nku le pudi wena MmaMorati, (bylae A, p. 3 reël 33)
(verandering van woordvolgorde)

vir jou, MmaMorati, is 'n skaap en bok geslag. (bylae D, p. 6 reël 18)

Wena staan gewoonlik aan die begin van die sin voor die onderwerpsmorfeem o wat gegenereer word. In die onderstaande voorbeeld moes die selfstandige naamwoord dipela ook aan die begin van die sin gestaan het, maar dit staan aan die einde van die sin ter wille van beklemtoning:

Tša re ka pela phatlaladi!!! dipela... (bylae A, p. 10 reël 7)

En toe spat hulle vinnig uit mekaar!!! die dassies... (bylae D, p. 19 reël 3)

Pronominalisasie en woordvolgordeverandering genereer emfatiese merkers soos voornaamwoorde. Die vertaler moet baie sensitief wees vir hierdie emfatiese betekenis, sodat hy/sy die korrekte boodskap oordra. Volgens Louwrens (1994:61) verwys emfatiese merkers na tegnieke wat gebruik word om 'n woord te beklemtoon en dus die belangrikheid daarvan in 'n bepaalde diskoerskonteks aan te dui. So kan, byvoorbeeld, selfstandige naamwoorde, voorwerpsmorfeme en voornaamwoorde almal emfatiese merkers in 'n sin wees indien dit op so wyse gebruik word dat die belangrikheid van 'n bepaalde woord in 'n diskoerskonteks beklemtoon word.

4.3.2.3. Die gebruik van hulpwerkwoorde

'n Hulpwerkwoord is 'n werkwoord wat nie sonder 'n ander hoofwerkwoord (komplementêre werkwoord) gebruik kan word nie. Die komplementêre werkwoord druk die hoofaksie of -proses uit, terwyl die hulpwerkwoord die betekenis van die komplementêre werkwoord aanvul deur semantiese inligting soos 'reeds', 'eenmaal', 'voortdurend' daarby te voeg. Die konstruksie waar 'n hulpwerkwoord saam met die komplementêre werkwoord gebruik word, staan as 'n woordgroep - i.e. 'n

hulpwerkwoordgroep bekend (Louwrens, 1994:17).

Daar word tussen drie soorte hulpwerkwoorde onderskei: hulpwerkwoorde wat ook as hoofwerkwoorde kan optree, hulpwerkwoorde wat slegs as hulpwerkwoorde kan optree en defisiënte of verkorte hulpwerkwoorde (Louwrens, 1991:50-62). Die kategorie wat probleme in hierdie vertaling opgelewer het, is die hulpwerkwoorde wat ook as hoofwerkwoorde kan funksioneer en dus gaan net hierdie kategorie bespreek word.

Sommige hulpwerkwoorde kan ook as hoofwerkwoorde funksioneer, aangesien dit nie van 'n komplementêre werkwoord afhanklik is nie. In so 'n geval het die werkwoord 'n letterlike betekenis, aangesien dit 'n proses uitdruk of die stand van sake stel. Die verandering van hoofwerkwoord na hulpwerkwoord impliseer 'n verandering in betekenis, dikwels van 'n letterlike betekenis na 'n figuurlike betekenis (Louwrens, 1991:51-52). Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

bv: A šetše a omeletše a homoletše ruri. (bylae A, p. 9 reël 36)

Hy is reeds drooggemaak, hy is regtig stil. (bylae D, p. 18 reël 18)

Indien A šetše as 'n hoofwerkwoord in die sin optree, beteken dit het agtergebly (by die huis). Indien dit egter as 'n hulpwerkwoord optree, beteken dit alreeds. Dieselfde geld vir die onderstaande voorbeeld:

A fihla a ithekga ka ona; (bylae A, p. 3 reël 11)

Sodra sy dit bereik, leun sy daarop; (bylae D, p. 5 reël 14)

Indien A fihla as 'n hoofwerkwoord in die sin optree, beteken dit aankom, arriveer, bereik. As dit egter as 'n hulpwerkwoord saam met 'n hoofwerkwoord in 'n sin optree, kry dit die bykomende betekenis van sodra aankom, sodra arriveer, of sodra bereik.

4.3.2.4. Die vertaling van werkwoordekstensies

Volgens Lombard *et al.* (1985:102) het enige werkwoordstam in Noord-Sotho ten minste 'n kern en 'n uitgang, bv. **sepela** (loop) waar **sepel-** die kern en **-a** die uitgang is. In Noord-Sotho word ook 'n groot verskeidenheid werkwoordekstensies onderskei. Hierdie ekstensies word tussen die werkwoordkern en die -uitgang geplaas (Lombard *et al.*, 1985:110). Werkwoordekstensies brei die betekenis van werkwoorde uit en verskeie uitbreidings kan met die basiese werkwoord gekombineer word. Elke werkwoordekstensie het 'n bepaalde betekenis. Dit gee aan Afrikatale hul eienskap van groot werkwoordelike buigbaarheid en 'n oorvloed betekenisne kan in een leksikale item saamgevoeg wees. Bill (1982:100) beweer dat werkwoordekstensies wat die betekenis van werkwoorde uitbrei, daarvoor berug is dat dit moeilik vertaalbaar is.

Vir die doel van hierdie studie gaan slegs die mees algemene werkwoordekstensies kortliks verduidelik word. Afgesien van die passiewe en resiproke ekstensie, het elkeen van hierdie werkwoordekstensies 'n basiese vorm - die normvariant - asook variante vorme. Louwrens (1994:116) wys daarop dat hierdie variante vorme ontstaan deur die kombinasie van bepaalde morfeme wat tot fonemiese of klankkombinasies aanleiding gee wat uitspraak bemoeilik. Dit noodsaak die aanpassing van hierdie fonemiese kombinasies om dit versoenbaar met die normale fonologiese patroon van die taal te maak. Slegs die normvariant van elke werkwoordekstensie gaan bespreek word, aangesien 'n volledige bespreking van al die werkwoordekstensies te veel ruimte in beslag sal neem en vir die doel van hierdie studie irrelevant is. Die belangrikste

werkwoordekstensies is die volgende:

* Die applikatief

Die normvariant van die applikatiewe ekstensie is -el-. Hierdie variant kan gevolg word deur een of meer ander werkwoordekstensies. Hierdie werkwoordekstensie dui aan dat die proses of handeling vir of namens iets of iemand of ten nadele van iets of iemand geskied of dit kan rigting aandui (Lombard *et al.*, 1985:111). 'n Verdubbelde applikatiewe ekstensie druk gewoonlik 'n intensiewe betekenis uit, byvoorbeeld **Ba be ba bofelela mpša e se lome baeng. (Hulle het die hond deeglik vasgemaak sodat dit nie die gaste byt nie.)**

Uitgebreide kern	Uitgebreide kern	Uitgang	Applikatiewe stam	
-rom-	-romel-	-a	-rom <u>ela</u>	stuur vir/na

Die volgende is voorbeelde van betekenis wat deur die applikatiewe ekstensie uitgedruk word:

bv.: Ge a re o tšwela ka ntle mosadi, (bylae A, p. 9 reël 30)

Toe hy praat, kom die vrou na buite (bylae D, p. 18 reël 12)

In hierdie voorbeeld is die applikatiewe ekstensie -el- aan die werkwoordstam tšwa gevoeg wat kom beteken. Deur die applikatiewe ekstensie aan die werkwoordstam tšwa te voeg, is die betekenis na kom na verander om beweging

na 'n bepaalde rigting aan te dui. In die onderstaande voorbeeld word die applikatiewe werkwoordekstensie aan 'n werkwoordstam gevoeg om aan te dui dat die proses of handeling vir of namens iets of iemand geskied.

bv.: **MmaMorati a itahlela ka gare!** (bylae A, p. 9 reël 18)

MmaMoratiwerp (vir) haarself na binne! (bylae D, p. 17 reël 30)

In die onderstaande voorbeeld is die verdubbelde applikatiewe ekstensie -elel- aan die werkwoordstam swara (vat, vashou) gevoeg om intensiteit uit te druk, bv.:

A swarelelela MmaMorati ka mafolofolo, (bylae A, p. 9 reël 27)

hy hou MmaMorati stewig vas, (bylae D, p. 18 reël 9)

* Die kousatief

Die basiese kousatiewe ekstensie is -iš- wat deur een of meer ander werkwoordekstensies gevolg kan word. Die kousatiewe ekstensie druk die betekenis laat of help uit (Lombard *et al.*, 1985:114), bv.:

Uitgebreide kern	Uitgebreide kern	Uitgang	Kousatiewe stam	
-tseb-	tsebi <u>š</u> -	-a	-tsebi <u>ša</u>	laat ken/weet

Ook in hierdie geval kan die verdubbeling van die ekstensie 'n intensiewe

betekenis uitdruk, bv.:

A kwišiša tšeo di diregago mo... (bylae A, p. 10 reël 21)

Hy verstaan duidelik wat hier gebeur het ... (bylae D, p. 20 reël 4)

In hierdie voorbeeld is die verdubbelde kousatiewe ekstensie -išiš- aan die werkwoordstam kw- (hoor/verstaan) gevoeg. Deur die gebruik van die verdubbelde ekstensie is die betekenis van die werkwoord na duidelik verstaan verander. Vergelyk ook die onderstaande voorbeeld:

Sellwana sa ngwana se sepediša madi a gwe, (bylae A, p. 5 reël 10)

en die gesagte gehuil van die kind laat haar bloed bruis, (bylae D, p. 9 reël 20)

In die bostaande voorbeeld is die kousatiewe ekstensie aan die werkwoordstam sepela (loop) gevoeg. Sodra die kousatiewe ekstensie aan die werkwoordstam sepela gevoeg word, noodsaak die bepaalde kombinasie van morfeme fonologiese aanpassings om dit versoenbaar met die gewone fonologiese patroon van die taal te maak en verander die werkwoordstam na sepediša wat laat loop of bestuur beteken. Die sin **Sellwana sa ngwana se sepediša madi a gwe** beteken letterlik **Die gehuil van die kind laat haar bloed loop**. In hierdie sin is die werkwoordstam sepediša met laat bruis vertaal.

* Die resiprokalis

Die resiprokale werkwoordekstensie het 'n beperkte gebruiksfrekwensie en die vorm is deurgaans -an- wat 'n wedersydige aksie of proses aandui met die betekenis van mekaar (Lombard *et al.*, 1985:114). Dit kan deur die perfektum- of passiewe werkwoordekstensie gevolg word. Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

Re a bonana Ons sien mekaar

* Die passief

Die basiese passiewe ekstensie is -iw- (in die geval van enkellettergrepige werkwoordstamme) of -w- (in die geval van meerlettergrepige werkwoordstamme). Daar bestaan ook ander variante vorme. Dit kan gevolg word deur die werkwoorduitgang -a in die geval van werkwoorde in die indikatiewe onvoltooide tyd of -e in die geval van ontkenning of werkwoorde in die perfektum. Die passiewe ekstensie druk die betekenis word uit (Louwrens, 1994:135), bv.:

Uitgebreide kern	Uitgebreide kern	Uitgang	Passiewe stam	
-rat-	ratw-	-a	rat <u>wa</u>	bemin word

* Die verlede tydsekstensie

Die ekstensie -ile druk die verlede tyd uit (Louwrens, 1994:138).

Stam	Perfektumstam
-rata	-ratile

- * Die relatiewe werkwoordagtervoegsel -go/-ng

Die relatiewe werkwoordagtervoegsel in Noord-Sotho ressorteer nie onder die werkwoordekstensies van Noord-Sotho nie, omdat dit deel vorm van 'n woordgroep wat as die relatiefomskrywing bekend staan. Vir die doel van hierdie studie word dit onder die werkwoordekstensies bespreek.

Volgens Lombard, *et al.* (1985:152) kwalifiseer of bepaal die relatief 'n naamwoord of voornaamwoord, bv:

Lesogana le **le-bolelago**. Die jongman wat praat.

Die relatiewe werkwoord **le-bolelago** vorm saam met die voorafgaande relatiewe partikel **le** 'n woordgroep wat met die voorafgaande naamwoord **lesogana** kongrueer en dit ook bepaal of kwalifiseer ten opsigte van die handeling wat dit uitvoer of 'n ander kwaliteit.

Die relatiefagtervoegsel -go of die variante vorm -ng kan afwisselend aan die einde van die werkwoordstam gebruik word. Die werkwoord kan in die verlede tyd of in die teenwoordige tyd wees.

Elkeen van hierdie werkwoordekstensies wat bespreek is, kan afsonderlik of in kombinasie met mekaar in 'n werkwoord gebruik word om 'n bepaalde betekenis weer te gee. Die volgorde waarin hierdie werkwoordekstensies aan 'n

werkwoordstam gevoeg word, is kousatief, applikatief, resiprokalis, perfektum en passief. Soos genoem, veroorsaak die kombinasie van bepaalde morfeme fonemiese of klankkombinasies wat uitspraak bemoeilik indien hierdie werkwoordekstensies in kombinasie met mekaar in 'n werkwoord gebruik word. Dit noodsaak die aanpassing van hierdie fonemiese kombinasies om dit versoenbaar met die normale fonologiese patroon van die taal te maak. As gevolg van die aanpassing van hierdie fonemiese kombinasies, gee dit aanleiding tot variante vorme van die werkwoordekstensies. Die normvariant van 'n bepaalde werkwoordekstensie is dus nie altyd herkenbaar indien twee of meer werkwoordekstensies in kombinasie met mekaar gebruik word nie. Dit is die taak van die vertaler om te probeer om hierdie nuanses so ekonomies as moontlik uit te druk.

bv.: Sona se diretšwego mehla e bjale; (bylae A, p. 1 reël 25)

die een wat vir sulke dae gemaak is; (bylae D, p. 2 reël 7)

Die basiese werkwoordstam is dira (wat doen, werk, arbei of maak beteken).

- + applikatiewe ekstensie dir-el > direla (wat die betekenis verander na bedien/maak vir)
- + verlede tydseksensie dir-el-ile > diretše (wat die betekenis verander na het bedien/het gemaak vir)
- + passiewe ekstensie diretš-w-e > diretšwe (wat die betekenis verander na is bedien/is gemaak vir)
- + relatiewe werkwoordagtervoegsel diretšwe + go > diretšwego (wat die betekenis verander na wat bedien is/wat gemaak is vir)

Die basiese werkwoordstam is dus dira wat **doen**, **werk**, **arbei** of **maak** beteken. Deur die applikatiewe (-el-), verlede tyds- (-tše-), passiewe (-w-) werkwoordekstensie en relatiewe werkwoordagtervoegsel (-go) aan die basiese werkwoordstam te voeg, is die betekenis verander na **wat gemaak is vir**.

4.3.2.5. Morfologiese prosesse

Morfologiese prosesse soos afkortings en saamgetrokke vorme is ook problematies in vertaling. Saamgetrokke vorme kom voor waar bepaalde woorddele van twee woorde wegval en die oorblywende dele saamsmelt om 'n nuwe morfologiese struktuur te vorm.

bv: A lebetše le bohloko bja mešifa yagwe; (bylae A, p. 4 reël 28)

Sy het selfs van die pyn in haar spiere vergeet; (bylae D, p. 8 reël 22)

Gwe is 'n verkorte vorm van die voornaamwoord gagwe wat **van haar** of **hom** beteken. Die eerste deel van gagwe (ga-) het weggeval en die oorblywende deel -gwe het met die besittlike partikel ya- saamgetrek.

Mosatšofihl'a thari ya otopedi; (bylae A, p. 4 reël 44)

van 'n pasgebore baba. (bylae D, p. 9 reël 8)

Mosatšofihl'a is die verkorte en saamgetrokke vorm van mosatšofihla wa wat die pasgeborene van beteken. Die laaste vokaal van mosatšofihla (-a) en die eerste konsonant van wa (w-) het weggeval en die twee woorde het saamgesmelt tot mosatšofihla. Otopedi is die verkorte vorm van maotopedi wat tweevoetige beteken.

Die klasprefiks van maoto (ma-) het weggeval en die oorblywende wortel -oto het met die adjektiewe naamwoord -pedi saamgetrek.

4.3.3. DISKOERS OF REDEVOERING

Diskoers behels die teks as 'n geheel, met ander woorde van sinsvlak word daar na die vlak van diskoers beweeg.

4.3.3.1. Kongruensie

Die beginsel van kongruensie lewer probleme in vertaling op. Woorde soos werkwoorde, voornaamwoorde en adjektiewe wat in 'n bepaalde verhouding met naamwoorde in sinne voorkom, staan in kongruensie met sulke naamwoorde deur middel van kongruensiemorfeme. Kongruensiemorfeme in Noord-Sotho, byvoorbeeld onderwerps- en voorwerpsmorfeme en besitlike partikels is dus die gom wat die leksikale items bymekaar hou. Hierdie morfeme is die sleutel wat die deur van tekstuele kohesie oopmaak (Louwrens, 1994:9-10). 'n Voorbeeld van onderwerpskongruensie is **Mme o apeile nama - Ma het vleis gekook** waar -o- die onderwerpsmorfeem is wat die onderwerp mme met die werkwoordstam apeile verbind. Vir 'n teks om as 'n teks beskou te word, moet daar volgens Halliday en Hasan (1976:1-2) betekenissamehang in die bepaalde teks wees. Betekenissamehang word primêr in terme van die begrip tekstuur uitgedruk. 'n Teks moet dus tekstuur vertoon en tekstuur word verkry indien daar kohesie - dus strukturele eenheid - bestaan.

Brown en Yule (1983:198) plaas Halliday en Hasan (1976:1-2) se klem op kohesie as primêre middel vir teksuitkenning onder verdenking. Volgens Brown en Yule maak taalgebruikers - teksproduseerders en teksontvangers - nie noodwendig staat op die

formele merkers van kohesie om 'n teks as 'n teks te identifiseer nie.

De Beaugrande en Dressler (1981:3-12) onderskei sewe standarde of aspekte van tekstualiteit wat vir die bepaling van die eenheid van 'n teks noodsaaklik is, naamlik kohesie, koherensie, intensionaliteit, aanvaarbaarheid, informatiwiteit, situasionaliteit en intertekstualiteit. Aangesien kongruensiemorfeme in hierdie studie veral 'n belangrike rol speel in die daarstelling van tekstuele kohesie, gaan slegs kohesie in meer besonderheid bespreek word. Hiermee word die rol wat koherensie, intensionaliteit, aanvaarbaarheid, informatiwiteit, situasionaliteit en intertekstualiteit in die bepaling van die eenheid van 'n teks speel, egter nie ontken nie.

Halliday en Hasan (1976:27) vat kohesie soos volg saam:

It is the means whereby elements that are structurally unrelated to one another are linked together, through the dependence of one on the other for its interpretation.

Die skakeling ("linking") tussen twee of meer tersaaklike elemente word in terme van sekere bindingskettings bewerkstellig. Chapman (1983:48) verwys na hierdie bindingskettings as **cohesive ties/chains** as "a series of linguistic linking mechanisms" waarvolgens tersaaklike elemente in 'n teks met mekaar verbind word. Volgens Carstens (1987:22) kan ten minste vyf soorte bindingskettings onderskei word, naamlik:

* Verwysing

Elemente in dieselfde teksgedeelte kan semanties met mekaar geassosieer word, omdat albei na dieselfde referent in die teks verwys. Veral die begrippe antesedent en anafoor (waarvan die bepaalde voornaamwoorde die bekendste

voorbeeld is), is hier ter sake.

* Substitusie

Een element kan 'n ander element in dieselfde teksgedeelte vervang sonder dat die waarheidswaarde van die betrokke sin(ne) geraak word, indien die betrokke element vroeër in die teks genoem is. So kan die voorwerpsmorfeem, byvoorbeeld, in die plek van die voorwerpsnaamwoord in Noord-Sotho gebruik word, indien die voorwerp vroeër in die teks eksplisiet genoem is.

* Ellips

Ellips is die weglating van sekere elemente uit 'n teksgedeelte, omdat die weggelate dele binne die konteks nog steeds bepaal en geïnterpreteer kan word. In Noord-Sotho kan, byvoorbeeld, die onderwerpsnaamwoord uit die sin weggelaat word indien dit reeds aan die hoorder of leser bekend is en net die onderwerpsmorfeem kan gebruik word.

* Leksikale kohesie

Leksikale kohesie behels semantiese verhoudings tussen sekere leksikale elemente. Leksikaal-semantiese begrippe soos hiponimie, sinonimie, ens., speel veral 'n rol.

* Konjunksie

Die voorsetsels in twee of meer sinne word met mekaar geskakel op grond van sekere semantiese verhoudings, byvoorbeeld byvoegend, teenstellend, kousaal, temporeel.

Soos blyk uit die bespreking van tekstuele kohesie hierbo, het die vertaler deur middel

van hierdie kongruensiemorfeme onmiddellik die vereiste linguistiese konneksies byderhand wat die voorsetsels van die teks bymekaar hou. Bill (1982:102) wys daarop dat, selfs al is hierdie linguistiese morfeme nie duidelik nie en al moet die vertaler die verhouding tussen die illokusionêre taalhandelinge daarstel sodat hy/sy die koherensie van die diskoers kan bepaal, sal die vertaler formele leidrade op semantiese en sintaktiese vlak vind wat hom/haar kan help. Hierdie stelling van Bill kan soos volg verduidelik word: Die uitvoering van 'n taalhandeling behels dat die spreker 'n bepaalde uiting - gewoonlik in die vorm van 'n sin - genereer deur van 'n besondere sintaktiese struktuur en semantiese of proposisionele inhoud gebruik te maak. Dit staan as 'n lokutiewe taalhandeling bekend. Die uitvoering van 'n taalhandeling behels ook dat die spreker 'n bepaalde bedoeling met die gebruik van 'n betrokke sin het, byvoorbeeld dat die sin as 'n stelling, 'n versoek, 'n bevel, 'n vraag of suggestie beskou moet word. Dit gaan dus om die handeling wat agter die lokutiewe daad verskuil lê en wat 'n bepaalde illokutiewe krag het (De Stadler, 1989:448-449). Met die uitvoering van 'n bepaalde taalhandeling wil die spreker egter ook 'n sekere effek by die gehoor verkry wat as die perlokutiewe daad binne die taalhandeling bekend staan (De Stadler, 1989:449). Die vertaler moet dus eerstens bepaal wat die bepaalde bedoeling met die gebruik van 'n betrokke uiting is, byvoorbeeld dat die uiting as 'n stelling, versoek of vraag bedoel is, met ander woorde wat die illokutiewe krag van die uiting is. Die vertaler bepaal die illokutiewe krag deur te let op die bepaalde sinstruktuur (byvoorbeeld 'n sin in die indikatiewe of imperatiewe modus) en die semantiese of proposisionele inhoud (byvoorbeeld selfstandige naamwoorde, werkwoorde en hulpwerkwoorde) van die teks. Die bepaalde sinstruktuur en die semantiese of proposisionele inhoud van die teks is die formele leidrade wat die vertaler in staat stel om die perlokutiewe daad binne die taalhandeling te bepaal. Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

A di tseba tše Letlaka!

A di tseba a sa botšwa ke motho. (bylae A, p. 12 reël 22-23)

Letlaka weet hierdie dinge!

Hy weet hierdie dinge sonder dat iemand hom dit vertel het. (bylae D, p. 24 reël 13-14)

Die voorwerpsmorfeem di en die demonstratiewe voornaamwoord tše verwys na die selfstandige naamwoord ditaba (sake) wat verswyg word. Net soos dit dikwels gebeur dat 'n bepaalde selfstandige naamwoord in 'n teks in Afrikaans nie herhaaldelik gebruik word nie, maar 'n voornaamwoord in die plek van die selfstandige naamwoord gebruik word, word die selfstandige naamwoord ook in Noord-Sotho weggelaat indien dit vroeër in die teks gebruik is om herhaling te voorkom. Die onderwerps- of voorwerpsmorfeem (na gelang daarvan of die selfstandige naamwoord in die onderwerps- of voorwerpsposisie voorgekom het) of 'n voornaamwoord word in die plek van die selfstandige naamwoord gebruik (Lombard *et al.*, 1985:102-107). In so 'n geval word daar in die teks wat hierdie skakel voorafgaan, na bepaalde feite (sake) verwys waaruit die leser kan aflei na watter selfstandige naamwoord die skakel verwys.

4.3.3.2. Gelyktydige en opeenvolgende handeling

In die narratiewe gedeelte van die teks word 'n verdere probleem aangetref, nl. om te bepaal wanneer handeling gelyktydig plaasvind in die afwesigheid van die situatiewe merkers ge, mola, mohla, mohla ge en erile ge en wanneer die handeling in die konsekutief is omdat die onderwerpsmorfeem van die mensklas enkelvoud in albei gevalle a is. Die feit dat die situatiewe onderwerpsmorfeem in die situatief deur hoogtoon gekenmerk word, word nie in die skriftelike teks weergegee nie.

bv: A re phurr!!... a fofela pejana,
A leba lefsika thabeng, (bylae A, p. 4 reël 37-38)

sy vlieg eensklaps weg en spring toe vorentoe,
en toe peil sy af op 'n klip teen die berg, (bylae D, p. 9 reël 1-2)

In bogenoemde voorbeeld vind die handeling nie gelyktydig plaas nie. Dit is dus opeenvolgende handeling in die konsekutief (verteltrant) wat met toe of en toe vertaal word en die onderwerpsmorfeem van klas 1 is dus 'n a. In die onderstaande voorbeeld is die onderwerpsmorfeem van klas 1 ook 'n a. Alhoewel die situatiewe merkers afwesig is, is daar 'n opeenvolging van handeling wat met terwyl vertaal word, bv.:

A lebetše le bohloko bja mefšika ya gwe;
A lebile mo e keng o se kwele gona;
A ya pele bjale a sepela ka hloko;
A sepela a lebile thaba, (bylae A, p. 4 reël 28-31)

Sy het selfs van die pyn in haar spiere vergeet;
Terwyl sy afgepeil het in die rigting na dit wat sy daar gehoor het;
sy beweeg nou vorentoe terwyl sy versigtig loop;
terwyl sy loop het sy in die rigting van die berg beweeg, (bylae D, p. 8 reël 22-25)

4.3.3.3. Stilistiese eienskappe kenmerkend van Noord-Sotho poësie

Die stilistiese eienskappe van Noord-Sotho wat probleme in hierdie vertaling opgelewer het, is ritme en tempo, sinslengte en alliterasie en assonansie.

1. Ritme en tempo

Ritme en tempo dra by tot verhoogde vloeibaarheid en harmonie. Wat die behoud, al dan nie, van ritme in vertaling betref, beweer Kochol (1970:106) dat "In a substitutional translation of a verse rhythm the translator may preserve certain rhythmic factors of the original and disturb others." Bill (1982:105) maak die stelling dat natuurlike spraakritme dikwels in vertaling verlore gaan.

Volgens Pretorius (1989:14) word ritme in Noord-Sotho poësie bepaal deur 'n metriese patroon wat ontstaan uit die rangskikking van ritmiese eenhede in 'n vers. Een van die belangrikste faktore wat ritme in 'n vers bepaal, is 'n sesuur. Cuddon (1980:96) beskryf die betekenis van 'n sesuur as "a *break or pause* in a line of poetry, dictated usually by the natural rhythm of the language. This break or pause is often determined by the breathing processes of the reciter." Daar word tussen 'n halfpouse (/) en 'n volle pouse (//) onderskei, en ook tussen 'n interne sesuur wat min of meer naby die middel van 'n versreël is en 'n slotsesuur aan die einde van 'n versreël. 'n Reël kan meer as een sesuur hê of die sesuur kan heeltemal ontbreek (Pretorius, 1989:14).

Lengte is ook 'n belangrike faktor wat ritme in Noord-Sotho poësie bepaal. Meerlettergrepige woorde in Noord-Sotho word gekenmerk deur lengte op die tweede laaste sillabe wanneer dit in 'n spesifieke konteks gebruik word. So word die woord *dikolobe* as *dikolo:be* uitgespreek en nie as **di:kolobe* nie. Daar word ook tussen 'n halflengte (.) en vollengte (:) onderskei. Woorde met lengte op die tweede laaste sillabe en wat rondom die interne sesuur gerangskik is, staan bekend as ritmiese eenhede. Om 'n reëlmatige ritme te skep, moet hierdie ritmiese eenhede rondom die toepaslike sesuur gerangskik wees (Pretorius,

1989:14-15). Vergelyk die onderstaande uittreksel uit die vlughtoneel:

bv: Sephithi-phithing se sebjalo motseng,
 Phalafala e a l:la. Ba mo.tse / ba a e kwa.//
 Ba e šala mora:go, / go ya m.peng ya tha.ba;//
 Maswika a tloši:tšwe,/ legora le šuthi:šwa,
 Go tšwi.le sefer:ong / sa ka morago,//
 Sona se diretšwe:go / mehla e bjalo;
 Ba mo.tse ba tšwi:le / ba gata:na,//
 Go rwelwe ba:na,/ go rwelwe mefagwa:na;//
 Go tšwa basa.di / le ba:na pele,//
 Go tšwa banenya:na / le bašima:ne;//
 Morago go tla dikgeko:lo, / le dikgalabje;
 Banna le masogana/ go rwelwe maru.mo// (bylae A, p. 1 reël 20-31).

Onder so 'n harwar in die stat
blaas die horing. Die inwoners hoor dit
en volg dit na die grot in die berg;
Die klippe is verwyder, die heining verskuif,
by die agterste hekkie is hulle uit,
die een wat vir sulke dae gemaak is;
die inwoners het uitbeweeg terwyl hulle mekaar vertrap,
die kinders en padkos word saamgedra;
eers gaan die vrouens en die kinders uit,
dan die dogtertjies en die seuntjies;
agter hulle volg die ou vrouens en die ou manne;

die mans en die jong manne dek die agterhoede met hulle assegaaië.
(bylae D, p. 2 reël 2-13)

In hierdie gedeelte word die gebeurtenisse oënskynlik in tematies losstaande of onderling onafhanklike gebeure-oomblikke opgebreek, om onder andere stilisties op drukte, haas en vrees te sinspeel (Groenewald, 1988:38). Dit word bewerkstellig deur onbepaaldheidstelling, passivering en onderwerpswisseling.

- * Onbepaaldheidstelling word bereik deur die gebruik van die onbepaalde onderwerpsmorfeem go, bv. Go tšwile seferong sa ka morago (by die agterste hekkie is hulle uit), Go rwelwe bana, go rwelwe mefagwana; (die kinders en padkos word saamgedra), Go tšwa basadi le bana pele (eers gaan die vrouens en die kinders uit), Go tšwa banenyana le bašimane; (dan die dogtertjies en die seuntjies). Morago go tla dikgekolo, le dikgalabje; (agter hulle volg die ou vrouens en ou manne), Banna le masogana go rwelwe marumo (die mans en jong manne dek die agterhoede met hulle assegaaië). Die herhaaldelike gebruik van die onbepaalde onderwerpsmorfeem go breek die gebeurtenisse in afsonderlike eenhede op en verleen 'n bepaalde ritme aan die teks wat op haas sinspeel. Weens die sinstruktuur van die Afrikaanse sin het hierdie onbepaaldheidstelling in die vertaling verlore gegaan.

- * Deur passivering, wat onder andere tema- en onderwerpswisseling in die hand werk, bv. Maswika a tlošitšwe, legora le šuthišwa (die klippe is verwyder, die heining verskuif), Go rwelwe bana, go rwelwe mefagwana; (die kinders en die padkos word saamgedra). In hierdie twee voorbeelde is passivering in die vertaling behou. In die volgende voorbeeld is die sin na die aktiewe vorm in die vertaling verander ter wille van beter begrip en 'n vloeiender vertaling: Banna

le masogana go rwelwe marumo (die mans en jong manne dek die agterhoede met hulle assegaie).

- * Deur onderwerpwisseling, soos in die eerste twee reëls waar 'n selfstandige naamwoord wat elkeen tot 'n ander naamwoordklas behoort in die onderwerpsposisie staan. In die vertaling staan hierdie selfstandige naamwoorde ook in die onderwerpsposisie:

Sephithi-phithing se sebjalo motseng.

Phalafala e a lla. Ba motse ba a e kwa. (bylae A, p. 1 reël 20-21)

Onder so 'n harwar in die stat

blaas die horing. Die inwoners hoor dit (bylae D, p. 2 reël 2-3)

Die ritme wat op drukte, haas en vrees sinspeel het in 'n mate verlore gegaan in die vertaling, as gevolg van die onbepaaldheidstelling wat in die vertaling verlore gegaan het en passivering wat in sommige gevalle na aktiewe sinne in die vertaling verander is.

2. Sinslengte

Die lengte van die sin gaan hand aan hand met die ritme en tempo. So is die sinne in die vlugtoneel ietwat korter as in die res van die gedig om eweneens op drukte, haas en vrees te sinspeel. Soos genoem onder punt 1 van 4.3.3.3 het hierdie ritme in 'n mate verlore gegaan in die vertaling.

Die sinslengte in die res van die epiese gedig word ook gekenmerk deur kort

sinne wat 'n bepaalde ritme aan die gedig verleen. Aangesien gebeure en voorwerpe in die epiese gedig in fyn besonderhede beskryf word (Groenewald, 1987:112) en omdat die grammatikale struktuur van Noord-Sotho dikwels met dié van Afrikaans verskil, is die sinne heelwat langer in die vertaling en het die bepaalde ritme van die gedig in die vertaling verlore gegaan.

3. Alliterasie en assonansie

Betekenis is die vernaamste funksie in poësie, maar klank het 'n belangrike sekondêre funksie. Klank kan gebruik word om atmosfeer te skep, om na te boots en ter wille van beklemtoning. Die waarde en funksie van die gebruik van klank in tradisionele Sotho poësie word dikwels onderskat. Die rede hiervoor kan wees dat formele eindrym nie in hierdie poëtiese genre gevind word nie (Pretorius, 1989:22).

Alliterasie en assonansie word algemeen in poësie aangetref. Pretorius (1989:24) definieer alliterasie as "a poetic device in which consonants are repeated, especially at the beginning of successive words." Cuddon (1980:60) definieer assonansie as "the repetition of similar or closely similar vowel sounds, usually close together to achieve a particular effect."

Alliterasie en assonansie verleen 'n bepaalde ritme aan 'n versreël. Vergelyk die onderstaande twee voorbeelde van assonansie en alliterasie:

O a di tseba, wena, tše.

Le tše bjalo ka tše, o a di tseba wena,

O di tseba gabotse tše bjalo ka tše, le tšona tše!

Fela ga o bolele... (bylae A, p. 2 reël 8-11)

- 'n Voorbeeld van assonansie

Jy weet dit, jy, hierdie dinge,

En jy weet hoe dit gebeur het, jy weet dit, jy,

Jy weet goed hoe al hierdie dinge gebeur het!

Maar jy praat nie... (bylae D, p. 3 reël 9-12)

Lesea la le wela godimo, la le hlaba ka nko.

Lesea la le fonkotša bjale ka namane ya kgomo (bylae A, p. 10 reël 24-25)

- 'n Voorbeeld van alliterasie

vind die baba dit per toeval en stoot dit met die neus.

Die baba soek naarsstigtelik na haar bors soos die kalf na die spene van 'n koei, (bylae D, p. 20 reël 7-8)

In die vertaling gaan die alliterasie en assonansie verlore en dus ook die ritme.

4.3.3.4. Vlakke van diskoers

In die teks is daar twee vlakke van diskoers, nl. die narratiewe teks wat die vertelling van Letlakaduma insluit en MmaMorati se gebed aan die voorvaders. Die gebed is in aanhalingstekens geplaas om aan te toon dat dit in die direkte rede is. Die vraag is egter wat die stilistiese eienskappe is wat hierdie twee vlakke van diskoers onderskei. Dit is uiters moeilik om stilistiese eienskappe in 'n vertaling weer te gee. Die vertaler is vasgevang tussen die twee pole van betekenis en vorm. As die vertaler ingestel is

op die oordrag van betekenis, bestaan die gevaar dat hy/sy in die strik van parafrasering kan trap en die vormlike elemente uit die oog kan verloor wat bydra tot die impak van die boodskap op die hoorder of leser (Bill, 1982:104). Die stilistiese eienskappe wat die twee vlakke van diskoers in *Sebilwane* onderskei, is ritme en parallelisme. MmaMorati se gebede aan die voorvaders word gekenmerk deur 'n bepaalde ritme. Soos reeds genoem onder 4.3.3.3 gaan die natuurlike spraakritme dikwels in vertaling verlore. Vergelyk die onderstaande voorbeelde:

bv: Mpontšhe.ng sešu:po / badi.mo be:šo, //
Sešu.po / sa gore le a mpo:na, / le a n:kwa...// (bylae A, p. 4 reël 9-10)

"Voorvaders van ons mense, wys vir my 'n teken,
'n teken dat julle my sien, dat julle my hoor... (bylae D, p. 8 reël 3-4)

"Mo feng maa:tla / a nthu:še... hle, //
Ke mo thuši:tše, / badimo bešo, / mo feng maa:tla; //
Badi.mo be:šo, / fang monna yo.la maa:tla hle..., //
A nthu:še / go ribolla fsika le:la!!!!" (bylae A, p. 6 reël 1-4)

"Gee hom krag sodat hy my kan help... asseblief,
Ek het hom gehelp, voorvaders van ons mense, gee hom krag;
voorvaders van ons mense, gee daardie man krag, asseblief...,
sodat hy my help om daardie klip weg te rol!!!!" (bylae D, p. 10 reël 22-25)

Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat die natuurlike spraakritme wat in die gebed voorkom, in die vertaling verlore gegaan het.

Die tweede stilistiese eienskap wat die twee vlakke van diskoers in *Sebilwane* onderskei, is parallelisme. Twee vorme van parallelisme kom voor, naamlik gewone parallelisme en antitetiese parallelisme. Pretorius (1989:18) omskryf parallelisme soos volg:

Parallelism in poetry can be described as linguistic similarities observed between certain successive poetic lines. Parallelism forms an integral part of traditional poetry and is also effectively used in modern poems to create aesthetic effects.

'n Voorbeeld van gewone parallelisme is waar die betekenis van die eerste twee reëls op 'n ander wyse in die laaste twee reëls herhaal word, nl. "Voorvaders van ons mense, gee daardie man krag, asseblief...sodat hy my help om daardie klip weg te rol!!!!".

Parallelisme kan ook deur woordherhaling tot stand kom. Die klank, ritme, tempo en intonasie kan deur herhaling beïnvloed word (Bezuidenhout, 1981:96), bv.:

A di tseba tše Letlakaduma!

A di tseba a sa botšwa ke motho.

A tseba sephiri sa bophelo,

A tseba kgopa, a tseba khudu,

A tseba khunkwane, a tseba hlong, (bylae A, p. 12 reël 27-31)

Letlakaduma weet hierdie dinge!

Hy weet hierdie dinge sonder dat iemand hom dit vertel het.

Hy ken die geheim van die lewe,

Hy ken die slak, hy ken die skilpad,

Hy ken die kewer, hy ken die krimpvarkie, (bylae D, p. 24 reël 18-22)

In hierdie gedeelte word die werkwoord A tseba herhaal. Die werkwoordstam tseba beteken **weet** of **ken**. In die eerste twee reëls is tseba met **weet** vertaal en in die volgende drie reëls met **ken** as gevolg van die semantiese veld waarin die werkwoordstam tseba telkens gebruik is. Dit beïnvloed die ritme en tempo van die gedig. Die ritme en tempo van die gedig het hier verlore gegaan. Alhoewel die vertaling vloeiender sou gelees het indien die laaste twee reëls as **hy ken die slak en die skilpad, hy ken die kewer en die krimpvarkie** vertaal sou gewees het, is ken twee maal gebruik soos die geval in die oorspronklike teks is, aangesien die skrywer die werkwoord A tseba met 'n bepaalde doel voor oë herhaal, naamlik ter wille van klem en om 'n bepaalde begrip by die leser tuis te bring, naamlik dat Letlakaduma 'n ou man is wat 'n hele paar lewenslesse geleer het.

Antitetiese parallelisme kom voor waar twee idees in 'n frase gekontrasteer word, bv:

"Mo feng maatla a nthuše... hle,

Ke mo thušitše, badimo bešo, mo feng maatla; (bylae A, p. 6 reël 1-2)

"Gee hom krag sodat hy my kan help... asseblief,

Ek het hom gehelp, voorvaders van ons mense, gee hom krag; (bylae D, p. 10 reël 22-23)

Hierdie stilistiese eienskappe dra by tot die emosionele impak van die brontaal op die leser en deel in die oordrag van die outeur se boodskap en dit is belangrik dat die vertaler dit op een of ander manier sal oordra, selfs al is die leser in die doeltaal nie so sensitief daarvoor as die moedertaalleser wat in 'n ander literêre tradisie grootgeword

het nie. Die ritme wat op drukte, haas en vrees sinspeel het slegs in 'n mate in die vertaling verlore gegaan. Ten spyte daarvan dat onbepaaldheidstelling nie in die vertaling behoue kon bly nie, weens die sinstruktuur van die Afrikaanse sin, is gepoog om nog steeds 'n ritme in die vertaling te bewerkstellig wat op drukte, haas en vrees sinspeel deur die sinne in die vertaling betreklik kort te maak en geen punktuasie of hoofletters te gebruik nie sodat al die sinne as 'n eenheid gelees word om 'n vinnige ritme en tempo aan die vertaling te verleen.

bv.: Go tšwa basadi le bana pele,
Go tšwa banenyana le bašimane;
Morago go tla dikgekolo, le dikgalabje;
Banna le masogana go rwelwe marumo; (bylae A, p. 1 reël 28-31)

eers gaan die vrouens en die kinders uit
dan die dogtertjies en die seuntjies
agter volg die ou vrouens en ou manne
die mans en jongmanne dek die agterhoede met hul assegaai. (bylae D,
p. 2 reël 10-13)

Passivering in die oorspronklike teksgedeelte is sover moontlik in die vertaling behou, wat in albei tema- en onderwerpswisseling in die hand werk en dus 'n bepaalde ritme aan die gedig verleen. In sommige gevalle is 'n passiewe sin na die aktiewe vorm in die vertaling verander, omdat dit 'n vinniger ritme en tempo aan die vertaling verleen om sodoende die ritme en tempo van die oorspronklike teksgedeelte in die vertaling oor te dra.

bv.: Banna le masogana go rwelwe marumo; (bylae A, p. 1 reël 31)

die mans en jongmanne dek die agterhoede met hul assegaai. (bylae D, p. 2 reël 13)

Selfstandige naamwoorde of kwalifikatiewe woordgroepe wat in die oorspronklike teksgedeelte in die onderwerpsposisie gebruik word, is ook in die vertaling in die onderwerpsposisie gebruik om die ritme en tempo van die oorspronklike teksgedeelte in die vertaling oor te dra. Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

Sephithi-phithing se sebjalo motseng.

Phalafala e a lla. Ba motse ba a e kwa. (bylae A, p. 1 reël 20-21)

Onder so 'n harwar in die stat

blaas die horing. Die inwoners hoor dit (bylae D, p. 2 reël 2-3)

4.3.3.5. **Figuurlike taalgebruik**

Figuurlike taalgebruik skep ook probleme in vertaling. Dit is selde moontlik dat die leksikale items in die reseptortaal sal ooreenstem met dié in die brontaal wanneer 'n mens met figuurlike taalgebruik te doen het.

bv.: Nako e tlile ya go bofa thwalwana tša ka, (bylae A, p. 8 reël 20)

die tyd het aangebreek om my aardse tuiste te verlaat, (bylae D, p. 16 reël 11)

Go bofa thwalwana tša ka beteken 'om my bondeltjie vas te bind', wat vertaal is met **om my aardse tuiste te verlaat**.

4.3.3.6. Beeldspraak

Die vormkenmerke van beeldspraak wat in hierdie gedeelte voorgekom het en probleme by die vertaling daarvan veroorsaak het, is antonomasie, metafoor en personifikasie.

4.3.3.6.1. Antonomasia

Volgens Bezuidenhout (1981:84) is antonomasia die verduideliking van 'n saak deur gebruik te maak van beskrywende of tekenende woorde. Die betekenis word afgelei uit die eienskap van die beskrywende deel.

bv.: A tseba kgopa, a tseba khudu,
A tseba khunkwane, a tseba hlong,
Dilwana di sepela ka ntlwana tša tšona;
A gopola thuto ya bakgalabje ba gabo ba re;
Ge o phutha thopa, thopa le yona e a go phutha (bylae A, p. 12 reël 30-34.

Hy ken die slak, hy ken die skilpad,
Hy ken die kewer, hy ken die krimpvarkie,
Hierdie goedjies loop almal met hul huisies op hul rug;
Hy onthou die les van die oumans wat lui:

As jy 'n geheim bewaar, sal die geheim jou ook bewaar. (bylae D, p. 24 reël 21-23 tot p. 25 reël 1-2)

In hierdie gedeelte wil die skrywer verduidelik in watter mate 'n geheim bewaar kan word. Hy maak van die natuur gebruik om dit te beskryf: Net soos wat 'n slak, skilpad en kewer 'n dop op hul rûe het waarin hulle hul kan terugtrek as gevaar dreig sodat hul nie sigbaar is vir hul vyande nie en 'n krimpvarkie penne het wat hy kan uitsteek as gevaar dreig, net so sal jy beskerm word as jy nie 'n geheim uitlap nie. Die vertaler moet sensitief wees vir hierdie beskrywings en hul betekenis sodat die boodskap reg in die vertaling oorgedra word.

4.3.3.6.2. Metafoor

Soos genoem onder 4.1 word die Noord-Sotho poësie deur ryk en beeldende taalgebruik gekenmerk. Ook die epiese gedig *Sebilwane* is 'n ryk bron van metafore. Slegs drie metafore word hier bespreek.

Soos bespreek onder 2.6.1, is 'n metafoor moeilik definieerbaar. Volgens Newmark (1982:84-85) is 'n metafoor op 'n wetenskaplik waarneembare prosedure gegrond: die persepsie van 'n ooreenkoms tussen twee verskynsels, i.e. voorwerpe of prosesse. Die beeld kan fisies wees, maar word dikwels gekies vir sy konnotasies, in plaas van sy fisiese eienskappe en het 'n emotiewe effek. Soskice (1987:15) beskryf metafoor soos volg:

Metaphor is that figure of speech whereby we speak about one thing in terms which are seen to be suggestive of another.

bv.: Se...ba...ta...kgo...mo! (bylae A, p. 1 reël 1)

Help, die stat word ingeval! (bylae D, p. 1 reël 1)

Soos verduidelik in voetnota 1 op bladsy 1 van bylae D, beteken *sebatakomo* letterlik 'n **groot roofdier** of 'n **vleisetende dier**. Die konnotasie wat aan 'n groot roofdier of 'n vleisetende dier geheg word, is gevaar. In 'n tradisionele en letterlike konteks is die uitroep **sebatakomo** deur veewagters gebruik wanneer 'n wilde dier of roofdier die vee aangeval het terwyl hulle in die veld wei. Die veewagters het die hulpkreet **sebatakomo** geskree, waarop mense in die nabygeleë stat geweet het dat 'n roofdier of wilde dier die vee aanval en dat hulle hulp moes gaan verleen. *Sebatakomo* (die groot roofdier) in dié konteks is dus 'n metafoor vir gevaar en die daaropvolgende handeling om alarm te maak. Dit word egter nie eksplisiet in die teks genoem nie en die leser moet dit self aflei.

Vergelyk ook die onderstaande voorbeeld:

bv.: Ke dutše ke le maphego a tshipi, ka hlolega,
Go khupetša motse ka maphego a ka.
Tsaka ya legadima la badimo ba Bokgalaka
Lefsika-tshipi-se-tološwa-ke-tladi, (bylae A, p. 8 reël 7-10)

hoewel ek nog steeds ystervlerke gehad het, kon ek glad nie,
die stat met my vlerke beskerm nie.
Die geblits van die weerligstrale vanaf die voorvaders se plek
wat die ysterklip smelt, (bylae D, p. 15 reël 17-19 tot p. 16 reël 1)

In hierdie aanhaling is Letlakaduma, die bewaker van die oorlogsinstrumente van die kapteinstat, aan die woord. Sy ystervlerke waarna hy verwys, is metafores gebruik en verwys na die assegaai (met ysterpunte) en oorlogsbyl (met lemme van yster) van die kapteinstat wat hy moet bewaak. Net soos wat 'n hen haar kuikens met haar vlerke toemaak en beskerm, net so moes Letlakaduma die kapteinstat met sy ystervlerke - die assegaai en oorlogsbyl - in tye van oorlog beskerm. Vergelyk ook voetnota 23 op bladsy 15 van bylae D. Die letterlike vertaling van **Lefsika-tshipi-se-tološwa-ke-tladi** is **Ysterklip-wat-gesmelt-word-deur-die-weerligstraal**. Net soos wat vuur yster smelt, net so is die inwoners van die stat van Mokutu met assegaai afgemaai. Hierdie metafoor is ook in voetnota 24 op bladsy 15 van bylae D verduidelik.

In die onderstaande voorbeeld word die krag van die natuur, in besonder dié van bokke, as metafoor vir die krag van die stam gebruik:

bv.: Ba ga- "pudi-ka-tswalwa-lehlaba-letšatši,
La re le sekama ya ba ke a fula" (bylae A, p. 2 reël 25-26)

"met hulle afstammelinge wat sterk en gehard is,
en vir niks stuit nie" (bylae D, p. 4 reël 8-9)

Die direkte vertaling van hierdie aanhaling is "**Hulle van die plek van die bok wat met sonsopkoms gebore is en somer teen sonsondergang wei ek**". Die krag van bokke word as metafoor vir die krag van die stam gebruik: net soos 'n bokkie binne 'n paar uur na geboorte op sy bene kan staan en aan die bokooi kan drink, net so sterk en gehard is die stam van Mokutu. Vergelyk ook voetnota 5 op bladsy 4 van bylae D.

4.3.3.6.3. Personifikasie

Onder personifikasie word verstaan dat niemenslike voorwerpe en abstrakte idees met menslike eienskappe bekleed word (Pretorius, 1989:42). In die uittreksel uit *Sebilwane* wat gekies is vir vertaling kom 'n gedeelte voor waar die skrywer direk met die maan praat. In hierdie gedeelte verwys hy nie na die maan nie en spreek hy die maan as **Ouman** aan. Die skrywer verwys egter vroeër in die teks na die maan en die vertaler moet hieruit aflei dat die skrywer nie met 'n ouman in gesprek is nie, maar met die maan.

bv: Šediwe, wena mokgalabje!!
O a di tseba, wena, tše.
Le tše bjalo ka tše, o a di tseba wena,
O di tseba gabotse tše bjalo ka tše, le tšona tše!
Fela ga o bolele...
O di tseba go tloga mathomong, tšona tše;
O be o le gona ge di thoma, tšona tše;
Fela ga o bolele... (bylae A, p. 2 reël 7-14)

Daar is hulle, jy, Ouman!!
Jy weet dit, jy, hierdie dinge.
En jy weet hoe dit gebeur het, jy weet dit, jy,
Jy weet goed hoe al hierdie dinge gebeur het!
Maar jy praat nie...
Jy weet dit van die begin af, hierdie dinge;
Jy was daar toe hierdie dinge gebeur het;
maar jy praat nie... (bylae D, p. 3 reël 8-15)

4.3.3.6.4. Vergelyking

Pretorius (1989:37) beskryf 'n vergelyking soos volg:

In the simile a comparison is made between two things which may differ in all respects except for one specific characteristic which they have in common. Such a comparison is normally marked by a *figurative* meaning.

Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

bv.: Sellwana sa lesea la thari ya otopedi,
Ke sekaleru tšatši le tšhubile gohle,
Ke sekameetse-masehlana megolong ya banna,
E le kgale ba phaitše letsholo le paletšwe (bylae A, p. 10 reël 8-11).

Die gehuil van die baba van die nageslag van die mensdom,
is soos die koelte van 'n wolk wanneer die son alles verskroei,
Dit is soos bier in die kele van die mans,
As hulle lank geswerf het na 'n mislukte jagtog. (bylae D, p. 19 reël 4-7)

Die letterlike vertaling van die sin **Ke sekaleru tšatši le tšhubile gohle** is **Dit is soos 'n wolk wanneer die son orals aan die brand gesteek het**. In hierdie voorbeeld word die gehuil van die baba en die emosie wat dit opwek, vergelyk met die verligting wat 'n wolk bring na die hitte van die son, daarom is die sin in die dinamies ekwivalente vertaling vertaal met **is soos die koelte van 'n wolk wanneer die son alles verskroei**. Die gehuil van die baba en die gepaardgaande emosie word ook gelykgestel aan die lafenis van bier nadat die mans moeg, warm en dors van 'n mislukte jagtog af

terugkeer.

4.3.3.7. Kontrastering

Kontrastering is woorde en woordgroepe wat die draers van teenstrydige begrippe is. In die oorspronklike teks word die teenoorstelling of kontrastering dikwels in Noord-Sotho spreekwoorde aangetref. Bezuidenhout (1981:92) beweer dat die funksie van kontrastering in Noord-Sotho spreekwoorde is om twee teenstrydige begrippe ter wille van beklemtoning teenoor mekaar te stel, sodat die spreekwoord nie maklik vergeet sal word nie.

bv: Ge o phutha thopa, thopa le yona e a go phutha (bylae A, p. 12 reël 34).

As jy 'n geheim bewaar, sal die geheim jou ook bewaar. (bylae D, p. 25 reël 2)

4.3.3.8. Komposita

Komposita is woorde wat die draer is van een gedagte en wat saamgestel is uit meer as een woord. Die komposita kan met behulp van koppeltekens verbind word, byvoorbeeld **di-dira-mešito**, of dit kan as een woord geskryf word, byvoorbeeld **sebeapelo**. **Di-dira-mešito** is saamgestel uit die onderwerpsmorfeem di, die werkwoordstam dira en die selfstandige naamwoord mešito, terwyl **sebeapelo** saamgestel is uit die klasprefiks se, die werkwoordstam bea en die selfstandige naamwoord pelo. Die betekenis van hierdie woorde kan alleen met behulp van verskeie woorde omskryf word.

bv: Ba ga-"pudi-ka-tswalwa-lehlaba-letšatši, (bylae A, p. 2 reël 25)
Hulle van die plek van die bok-wat-gebore-word-met-sonsopkoms (bylae B, p. 3 reël 11)

Lefsika-tshipi-se-tološwa-ke-tladi (bylae A, p. 8 reël 10)
Ysterklip-wat-gesmelt-word-deur-die-weerligstraal. (bylae B, p. 11 reël 27)

.... di-dira-mešito ya bošego (bylae A, p. 6 reël 41)
.... dit-doen-voetslae van die nag (m.a.w. die nagdansers) (bylae B, p. 10 reël 6)

.... Boyobosaboe! (bylae A, p. 9 reël 35)
.... Hy-wat-gaan-om-nie-terug-te-keer-nie! (m.a.w. die Sterwende) (bylae B, p. 14 reël 25)

Sebeapelo se le diatleng tšago, mosadi, (bylae A, p. 11 reël 3)
is dit in jou hande, vrou, dit waarop jy trots is, (bylae D, p. 21 reël 1)

4.3.3.9. Dubbele ontkenning

In Noord-Sotho word werkwoorde ontken deur van 'n ontkenningsmorfeem of 'n ontkenningsmerker gebruik te maak. Die ontkenningsmorfeem wat gebruik word, word deur die modus van die werkwoord bepaal. Indikatiewe werkwoorde word deur middel van die ontkenningsmorfeem **ga-** ontken, die situatiewe en relatiewe werkwoorde deur middel van **-sa-**, en die werkwoorde in die subjunktiewe, imperatiewe, konsekutiewe, habituele en infinitiewe modi deur **-se-**. In sekere grammatikale beskrywings van

Noord-Sotho word daar ook na saamgestelde ontkenning verwys. Dit verwys na ontkenningstrukture wat uit 'n hulpwerkwoord en 'n komplementêre werkwoord bestaan, bv **o se ke** (hulpwerkwoord) + **wa mo thuša** (komplementêre werkwoord). Wat egter opval met die ontkenning van 'n sin in Noord-Sotho is dat daar, anders as in Afrikaans, nie van dubbele ontkenning gebruik gemaak word nie. Vergelyk die onderstaande voorbeeld:

Bophelo ga bo sa nkgahla ka selo, (bylae A, p. 8 reël 19)

Die letterlike vertaling van hierdie sin is **Lewe dit verbly my nie meer met iets** (bylae B, p. 12 reël 8). Daar is dus nie sprake van dubbele ontkenning nie. In die dinamies ekwivalente vertaling is die dubbele ontkenningsmorfeem nie gebruik en is die sin vertaal met **Die lewe vervul my nie meer met vreugde nie** (bylae D, p. 16 reël 10).

4.3.3.10. Ekstratekstuele of prosodiese eienskappe

Ekstratekstuele of prosodiese eienskappe wat die betekenis kan beïnvloed, kan die oog van die onervare vertaler ontglip. So is intonasie en toon albei semanties belangrik in Noord-Sotho (Bill, 1982:108).

In baie vrae in Noord-Sotho waarop bloot 'n bevestigende of ontkennde antwoord verwag word (ja-nee-vrae), ontbreek die vraagwoord. Daar is dus geen verandering in woordvolgorde soos in Afrikaans om aan te dui dat dit in werklikheid 'n vraag is nie. Die vertaler kan die vraagsin dus maklik met 'n stelling verwar. Intonasie is egter die element wat die draer van die betekenis van 'n vraag is. Volgens Louwrens (1994:90) lê die verskil tussen 'n stelling en 'n vraagsin in Noord-Sotho daarin dat daar lengte op die tweede laaste sillabe van die laaste woord van die stelsin is en die stelsin word

gekenmerk deur 'n dalende toonhoogte aan die einde van die sin, byvoorbeeld **O a sepe:là**. In die geval van 'n vraagsin is daar geen lengte op die voorlaaste sillabe nie en word die laaste sillabe deur hoogtoon gekenmerk, byvoorbeeld **O a sepelá?**

bv: "Wena o thaba ya ga Mokutu, (bylae A, p. 3 reël 14)

Is jy die berg van Mokutu se plek? (bylae D, p. 6 reël 1)

Toon dra semantiese betekenis in Noord-Sotho en daar is minimale pare wat gevind kan word wat slegs deur toonverskille onderskei kan word (Bill, 1982:108). Louwrens (1994:198-199) wys daarop dat Noord-Sotho 'n toontaal is, dit wil sê elke sillabe moet met 'n bepaalde toonhoogte van die stem uitgespreek word en toonhoogtes kan betekenisse onderskei. Soos genoem, het Noord-Sotho nie woordklem nie en die letter wat klem dra, is slegs ter wille van verduideliking in die onderstaande voorbeelde gemerk:

bv: (di)péla - naamwoord klas 9 (dassie) (bylae A, p. 10 reël 3) - toonpatroon HL (hoog; laag)
pela - naamwoord klas 9 (kalbasklavier) - toonpatroon LL (laag; laag)
pelá -naamwoord klas 9 (haastigheid) - toonpatroon LH (laag; hoog)

4.3.4. KULTURELE DIVERSITEIT

Volgens Van den Broeck en Lefevere (1979:57) gaan aanhangers van linguistiese relativisme van die standpunt uit dat die taal wat iemand praat, sy/haar denke beïnvloed, asook die manier waarop hy/sy die wêreld vertolk. Elke mens word dus op dié manier in sy/haar denke en aanvoeling gevorm en beïnvloed deur die taal wat hy/sy

praat.

Taal is dus ingebed in die kultuur van sy sprekers of, soos die Sapir-Whorf hipotese dit stel: taal vorm die kultuur en wêreldsiening van sy sprekers (Bill, 1982:109).

Dodd (1982:75) omskryf wêreldsiening soos volg: "World view is defined as a belief system about the nature of the universe and its effect of the operation on our social environment".

Pretorius (1997:21) voer aan dat om die wêreldsiening van 'n bepaalde kultuur te ontdek, moet vasgestel word hoe die spesifieke kultuur die verskillende magte sien by die verduideliking van gebeure in die sosiale omgewing, soos byvoorbeeld die geloof dat siekte deur bose geeste veroorsaak word.

Wêreldvisie behels verder ook die menslike natuur, die natuurkragte en onpersoonlike geeste wat goed of kwaad kan doen. Kragte soos geluk, noodlot, ander betekenisvolle magte, die rol wat tyd speel en die wese van fisiese en natuurlike hulpbronne vorm ook deel van die wêreldvisie van 'n spesifieke kultuur. Hierdie verskille in wêreldsiening kan kommunikasie tussen gemeenskappe beïnvloed (Pretorius, 1997:21).

Na al die eeue van kontak tussen die Westerse kultuur en die Afrikakultuur, bly die verskille in lewensopvattinge steeds opvallend. A.P. Grové (s.a.:26) gee 'n goeie samevatting van die algemene Midde-Afrikaanse kultuur, waaruit ook die Pedikultuur voortspruit. Hy beskryf dit soos volg:

'n Kultuurgemeenskap met sy kennis (vuurgeheim, spin en weef), sy arbeid (hutte, wapens, nette, matte), sy kuns (raaisels en lied), sy

ordelike leefwyse (onder wette wat die oudstes sing), sy godsdiens (rituele danse) het die stam sy heerskappy (of dan sy bestaansreg) teenoor die natuur bevestig. 'n Heerskappy wat die duidelikste sigbaar word in die kraal wat snags in die donker oerwoud 'straal met sy vure'.

As die verhale oor Afrikakultuur gelees word, groei die besef dat hierdie kommunikasiemiddele van die mense wat Grové (s.a.:26) beskryf, heeltemal voldoende vir hul leefwyse en omstandighede was. Dit lyk asof daar by die primitiewe gemeenskap 'n dieper kennis van, en fyner aanvoeling vir, die verhoudinge tussen die mens, die natuur en die Skepper is, wat in die moderne, tegnologies-ontwikkelde wêreld verlore geraak het.

Die vertaler moet bewus wees van die belangrikheid van kulturele patrone, denkvorme, waardesisteme en gelowe van diegene wat die brontaal praat, sowel as van diegene wat die doeltaal praat (Bill, 1982:109).

Die vraag ontstaan hoe die vertaler al hierdie elemente in sy/haar vertaling kan oordra. Volgens Hafter (1984:26) is daar twee soorte metatekstuele elemente waarvan 'n vertaler gebruik kan maak om kulturele terme vir die doelkultuur duidelik te maak, naamlik voetnotas en klassifiseerders (wat in die doelteks ingevoeg word sodat dit daarmee saamsmelt). Hoewel Nelson (1991:52) aanvoer dat voetnotas hinderlik is, is daar in die geval van *Sebilwane* nie 'n ander werkbare alternatief as voetnotas nie. Die verduidelikings wat die verskillende kultuurvreemde uitdrukkings vereis, kan nie in die teks geakkommodeer word sonder ongerief vir die leser nie. Die probleme wat ontstaan, word derhalwe deur middel van voetnotas by die vertaling verduidelik. Die voetnotas dien 'n tweeledige doel in hierdie studie, aangesien die verduidelikings van die kultuurvreemde items nie in die vertaalde teks geakkommodeer kan word sonder

dat dit ongerief vir die leser veroorsaak nie en tweedens om die kulturele leerervaring vir lesers oor Suid-Afrika te versterk.

4.3.5. VOORSTELLE VIR MOONTLIKE OPLOSSINGS

Uit die voorbeelde wat gegee is van die probleme wat met die vertaling van *Sebilwane* in Afrikaans ondervind is, is dit duidelik dat algehele ekwivalensie in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans nie moontlik is nie.

Voorstelle word hieronder gemaak vir die hantering en oplossing van die probleme waarmee daar in hierdie vertaling te doen gekry is. Aanvaarbare oplossings met duidelike voorstelle vir vertalers is nie by al die probleme gevind nie. Die vertaler van Noord-Sotho literêre werke moet egter in gedagte hou dat hy/sy hierdie voorstelle nie noodwendig rigied moet navolg nie, aangesien elke vertaling vanweë die aard van die inhoud en konteks sal verskil. Net so verskil vertalers ook wat betref hul eie verwysingsraamwerke en tegnieke.

Die voorstelle vir die probleme waarmee in die vertaling te doen gekry is, word vervolgens bespreek:

4.3.5.1. Eiename

Soos genoem onder 4.3.1.9 het Noord-Sotho eiename feitlik altyd 'n geïmpliseerde betekenis. Die vertaler moet die betekenis van die naam duidelik uit die vertaling laat blyk deur een van die volgende metodes te gebruik: Eerstens kan die eienaam direk vertaal word. Tweedens kan die eienaam onvertaald gelaat word en die betekenis daarvan kan in 'n voetnota verduidelik word. 'n Omskrywing van die persoon se

eienskappe kan ook gegee word sodat die betekenis duidelik blyk. So beteken die naam **Letlakaduma** "Dreunende Arend". 'n Arend is 'n groot, sterk, gevaarlike voël, 'n roofvoël. In die teks word ook genoem dat Letlakaduma die bewaker van die oorlogsbyl en assegaai van die stat is waarmee oorlog gemaak is, waaruit die leser kan aflei dat hy 'n groot, sterk, onverskrokke persoon moes wees. Daar word ook na hom verwys as "Die voël met die ystervlerke" waaruit ook afgelei kan word dat hy baie sterk was. So kan die naam Letlakaduma, byvoorbeeld, omskryf word met "Die sterk, dapper held". Vir die doel van hierdie vertaling is eienaam onvertaald gelaat en die betekenis daarvan is in 'n voetnota verduidelik.

4.3.5.2. Konnotasies van leksikale items

'n Leksikale item het dikwels meer as een konnotasie. Die vertaler moet besluit watter een van hierdie konnotasies 'n bepaalde sinsnede die beste sal vertaal deur die konteks in ag te neem en te besluit watter betekenis die mees geskikte vir die bepaalde konteks sal wees.

4.3.5.3. Eienskappe wat nie in die gesproke woord voorkom nie

Eienskappe wat in die geskrewe taal voorkom wat nie in die gesproke woord voorkom nie, byvoorbeeld hoofletters, punktuering en paragrafering lewer dikwels probleme in vertaling op. Daar is geen spesifieke riglyne vir die gebruik van hierdie eienskappe, al dan nie. Aspekte wat die gebruik van hoofletters, punktuering en paragrafering kan beïnvloed en waarna die vertaler moet oplet, is stilistiese aspekte soos ritme. Die vertaler moet sy/haar eie diskresie gebruik. Net so is daar geen spesifieke riglyne vir die vertaling van ideofone, wat 'n oorvloed geassosieerde betekenis kan hê, en tussenwerpsels nie en moet die vertaler sy/haar eie diskresie gebruik. Die

verdubbeling van 'n werkwoordstam dui aan dat die handeling **effens** of **bietjie** plaasvind. Die vertaler moet sy/haar eie diskresie gebruik met die vertaling van werkwoorde waarvan die stamme verdubbel is.

4.3.5.4. Woordspeling

Wat die vertaling van woordspeling betref, gee Newmark (1988:217) die volgende riglyne:

- * As die doel met die woordspeling is om die leser te laat lag, kan dit soms met 'n ander woordspeling vervang word met 'n verskillende, maar geassosieerde betekenis. Dit word gedoen in die vertaling van *Asterix* in baie tale en vereis besondere vindingrykheid.
- * Woordspeling in gedigte is die moeilikste vertaalbaar, aangesien dit deur metrum beperk word. Die woordspeling moet dikwels weggelaat word.
- * Wanneer die twee konnotasies van die woordspeling belangriker as die medium is, kan die twee konnotasies soms op 'n nie-ooreenstemmende manier vertaal word. So kan *dans le panneau* wat verwys na misleidende rigtingwyserborde wat geplaas word net voordat 'n dorp binnegery word in Engels (*panneau* : (a) **a sign board**, *panneau indicateur*, (b) **a trap**, *tomber dans le panneau*) met **the signboard mess** vertaal word.
- * Indien woordspeling in 'n brontaalteks gebruik word om 'n taal te illustreer of op 'n verspreking te dui, of indien die konnotasie belangriker as die kwinkslag is, moet dit na die doeltaal oorgedra word, albei konnotasies moet vertaal en

gewoonlik verduidelik word.

4.3.5.5. Die gebruik van die onderwerps- of voorwerpsmorfeem, besitlike partikel, demonstratiewe, persoonlike of besitlike voornaamwoord in die plek van die selfstandige naamwoord

In heelparty gevalle moet die vertaler die teks lees wat hy/sy vertaal om die verhouding tussen die illokusionêre handeling daar te stel om sodoende die koherensie van die diskoers te kan bepaal. Op hierdie wyse sal die vertaler formele leidrade op semantiese en sintaktiese vlak vind wat hom/haar in die vertaling kan help. In gevalle waar dit gebeur dat die onderwerps- of voorwerpsmorfeem of besitlike partikel, demonstratiewe, persoonlike of besitlike voornaamwoord in die plek van die selfstandige naamwoord optree, is dit soms moeilik om te bepaal na watter selfstandige naamwoord verwys word. Die skakel wat gebruik is, kan dikwels ook na twee of meer verskillende selfstandige naamwoorde verwys. Die selfstandige naamwoord word slegs weggelaat indien dit vroeër in die teks aan die leser of hoorder genoem is en dus aan die leser of hoorder bekend is. Deur die teks te lees, kan die vertaler formele leidrade op semantiese en sintaktiese vlak vind, byvoorbeeld 'n selfstandige naamwoord waarna 'n bepaalde skakel verwys. By persoonifikasie is dit ook dikwels moeilik om te bepaal na watter niemenslike voorwerp verwys word. Die vertaler moet hom/haar dus weereens deur kontekstuele leidrade soos selfstandige naamwoorde en bepalers laat lei om te bepaal na watter niemenslike voorwerp verwys word. Dieselfde geld vir vraagstelling in Noord-Sotho: Aangesien daar by vraagstelling in Noord-Sotho waarop bloot 'n ja- of nee-antwoord vereis word, nie altyd van vraagwoorde gebruik gemaak word om die verskil tussen 'n vraag en 'n stelling aan te toon nie, moet die vertaler let op kontekstuele leidrade, soos bepaalde gebeure in die verloop van die gedig, om aan te dui of die sin 'n stelling of 'n vraag is. Dit is ook dikwels moeilik om te bepaal of 'n

handeling in die konsekutief of situatief plaasvind, aangesien die situatiewe merkers dikwels in 'n teks ontbreek en die onderwerpsmorfeem van die mensklas in die konsekutief, sowel as die situatief 'n a is. Die vertaler moet in hierdie geval eweneens die verhouding tussen die illokusionêre handeling daarstel sodat hy/sy die koherensie van die diskoers kan bepaal. Sodoende sal hy/sy formele leidrade op semantiese en sintaktiese vlak vind, byvoorbeeld 'n aanduiding dat die handeling opeenvolgend plaasvind, om te kan bepaal of die handeling in die konsekutief of situatief plaasvind.

4.3.5.6. Komposita

Aangesien komposita uit 'n groep woorde of woorddele saamgestel is, maar die draer van een gedagte is, kan die betekenis van hierdie woord volgens Bezuidenhout (1981:95) alleen met behulp van verskeie woorde omskryf word.

4.1.5.7. Ideofone en tussenwerpsels

Die vertaler moet sy/haar eie diskresie met die vertaling van ideofone en tussenwerpsels gebruik. Aangesien 'n ideofon 'n oorvloed geassosieerde betekenisonderskeidings het, is dit dikwels moeilik om doeltreffend te vertaal. Volgens Lombard *et. al.* (1985:185) is daar geen spesifieke vertalings van tussenwerpsels nie en moet die vertaler self 'n aanvaarbare vertaling skep deur die konteks in ag te neem.

4.3.5.8. Idiome en spreekwoorde

Die vertaling van idiome en spreekwoorde is onder 2.6. bespreek. Mense buite 'n betrokke kultuur kan dit moeilik vind om te verstaan wat 'n spreekwoord of idioom in 'n ander taal eintlik wil sê en wat dus begripsprobleme meebring. Dit hang gewoonlik

saam met die kultuur. In die Afrikatale, en dus ook Noord-Sotho, is spreekwoorde en idiome veral gerig op diere: die konnotasies wat aan sekere diere geheg word, die eienskappe van diere, asook hul gebruike en lewenspatrone. Die idioom of spreekwoord moet dus gelees word teen die betrokke kulturele agtergrond waarin dit geskryf is.

Lefevere (1992a:102) gee die volgende riglyne vir die vertaling van spreekwoorde en idiome: Die vertaler moet hom/haar wend tot woorde met verwante betekenis of selfs parafrases, solank hy dit nie op 'n buitensporige wyse doen nie. Indien die vertaler voor 'n idioom of spreekwoord te staan kom, moet hy/sy dit nie met 'n ander spreekwoord of idioom vertaal nie. Hy/sy moet die woorde weergee soos hulle is, en indien hul betekenis onduidelik is, moet hy/sy dit kortliks in die kantlyn of met behulp van 'n voetnota verduidelik.

Newmark (1982:88-91) onderskei sewe maniere waarvolgens metafore vertaal kan word. Volgens Van den Broeck (1981:77-78) is daar teoreties vier moontlikhede om metafore te vertaal. Hierdie vier moontlikhede stem met die eerste vier maniere van Newmark ooreen wat slegs kortliks hier genoem gaan word, aangesien dit volledig onder 2.6.4. bespreek is.

- * Om die konnotasie van die beeld wat in die metafoor in die brontaal gebruik word, met dieselfde beeld, en dus dieselfde konnotasie, in die doeltaal weer te gee, mits die beeld vergelykbare herhaling en duur in die toepaslike register het.
- * Om die konnotasie van die beeld wat in die metafoor in die brontaal voorkom, te vertaal met 'n standaardbeeld wat dieselfde konnotasie in die DT-kultuur het.

- * Die metafoor (of vergelyking) word vertaal met 'n beeld in die doeltaal wat dieselfde konnotasie en emotiewe waarde het.
- * Die metafoor (of vergelyking) word vertaal met 'n metafoor (of vergelyking) wat dieselfde emotiewe waarde as die metafoor (of vergelyking) in die brontaal het.
- * Die emotiewe waarde van die metafoor word in die vertaling weergegee.
- * Delesie
- * Dieselfde metafoor word met emotiewe waarde in die vertaling gekombineer.

4.3.5.9. Beeldspraak

Aangesien dit dikwels moeilik is om die betekenis van, byvoorbeeld, 'n vergelyking of metafoor te bepaal en wat die outeur se bedoeling daarmee was, moet die vertaler hom/haar deur kontekstuele leidrade laat lei. Die vertaler moet die illokutiewe krag bepaal deur te let op die bepaalde sinstruktuur en die semantiese of proposisionele inhoud van die teks. Die bepaalde sinstruktuur en die semantiese of proposisionele inhoud van die teks stel die vertaler in staat om die perlokutiewe daad binne die taalhandeling te bepaal.

4.3.5.10. Beklemtoning

Twee hoofstrategieë word in Noord-Sotho gebruik om klem aan te dui, nl. pronominale beklemtoning en verandering van woordvolgorde. Die vertaler moet weereens fyn oplet na hierdie emfatiese merkers, sodat hy/sy die regte boodskap oordra.

4.3.5.11. Die verdubbeling van die werkwoordstam

Die verdubbeling van 'n werkwoordstam dui aan dat die handeling **effens** of **bietjie** plaasvind. Die vertaler moet sy/haar eie diskresie gebruik met die vertaling van werkwoorde waarvan die stamme verdubbel is.

4.3.5.12. Die bepaling van handeling in die konsekutief en handeling in die situatief

Aangesien die situatiewe merkers dikwels in 'n teks ontbreek en die onderwerpsmorfeem van klas 1 in die konsekutief en situatief 'n a is, is dit dikwels moeilik om te bepaal of 'n handeling in die konsekutief of situatief plaasvind. Die vertaler moet dus eweneens let op die bepaalde sinstruktuur en die semantiese of proposisionele inhoud van die teks wat die vertaler in staat stel om die perlokutiewe daad binne die taalhandeling te bepaal.

4.3.5.13. Die gebruik van hulpwerkwoorde en werkwoordekstensies

Met die vertaling van hulpwerkwoorde en werkwoordekstensies moet die vertaler die konteks in ag neem en self 'n aanvaarbare vertaling vind. Met die vertaling van werkwoordekstensies moet die vertaler die betekenis van die ekstensies so ekonomies as moontlik weergee.

4.3.5.14. Formele en stilistiese kenmerke

Dit is belangrik dat die vertaler die formele en stilistiese kenmerke soos ritme en sinslengte, wat bydra tot die impak van die boodskap op die hoorder of leser, op die

een of ander manier in die vertaling sal oordra, deur, byvoorbeeld, van korter sinne in die vertaling gebruik te maak, geen punktuasie of hoofletters te gebruik in gedeeltes wat as 'n eenheid gelees moet word nie en passiewe sinne, waar nodig, in die aktiewe vorm te skryf.

4.3.5.15. Vraagstelling

Aangesien daar by vraagstelling in Noord-Sotho nie altyd van vraagwoorde gebruik gemaak word om die verskil tussen 'n vraag en stelling aan te toon nie, moet die vertaler let op morfologiese kenmerke soos intonasie. In gevalle waar die vraagwoord by vraagsinne ontbreek, kan dit slegs as vrae uitgeken word deur die unieke intonasiepatroon.

4.3.5.16. Kultuurgebonde items

Bill (1982:109) voer aan dat die vertaler kennis moet hê van en sensitiwiteit vir die tale waarmee hy/sy werk, asook kennis en ondervinding van die kulturele patrone, denkvorme, waardesisteme en gelowe van diegene wat die brontaal praat, sowel as van diegene wat die doeltaal praat. Probleme duik egter op as die vertaler al hierdie kultuurelemente in sy/haar vertaling moet oordra. Volgens Hafter (1984:26) is daar twee soorte metatekstuele elemente waarvan 'n vertaler gebruik kan maak om kulturele terme vir die doelkultuur duidelik te maak, naamlik voetnotas en klassifiseerders (wat in die doeltteks ingevoeg word sodat dit daarmee saamsmelt).

4.4. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die probleme bespreek wat met die vertaling van die Noord-Sotho epiese gedig *Sebilwane* ondervind is. Die probleme wat met die vertaling ondervind is, is onder vier hoofde ingedeel:

- * Leksikon
- * Sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke
- * Diskoers of redevoering
- * Kultuurverskille

Na aanleiding van die probleme wat met die vertaling ondervind is, is dit duidelik dat algehele ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans nie moontlik is nie, as gevolg van linguistiese diversiteit tussen Noord-Sotho en Afrikaans wat deur kulturele diversiteit in die hand gewerk word.

Voorstelle is gemaak vir moontlike oplossings vir die probleme wat met die vertaling ondervind is. Alhoewel voorstelle nie vir die oplossing van al die probleme gevind kon word nie, was dit wel moontlik om voorstelle te maak wat as moontlike riglyne kan dien in die vertaling van die probleme wat ondervind is.

In hoofstuk 5 gaan 'n samevatting gegee word van die gevolgtrekkings wat in hoofstuk 1 tot 4 gemaak is. Aanbevelings vir verdere navorsing gaan ook gedoen word.

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

5.1. INLEIDING

Die doel met hierdie studie was om te bepaal tot watter mate ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans moontlik is en hoe die probleme wat ondervind is, oorbrug kan word.

In hoofstuk 4 is bewys dat algehele ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans nie moontlik is nie, as gevolg van linguistiese diversiteit tussen Noord-Sotho en Afrikaans wat deur kulturele diversiteit in die hand gewerk word. Die probleme wat ontstaan by die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans kan onder die volgende vier hoofde ingedeel word:

- *Leksikon
- *Sintaktiese, semantiese en morfologiese kenmerke
- *Diskoers of redevoering
- *Kultuurverskille

Die aanname kan dus gemaak word dat algehele ekwivalensie op woord- en sinsvlak in die vertaling van literêre werke uit enige Afrikataal in Afrikaans nie moontlik is nie. Dit stem ooreen met die bevindinge wat deur Bill (1982) gemaak is.

Die studie het ten doel gehad om voorstelle te bied vir die oplossing van moontlike knelpunte in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans wat kan ontstaan as gevolg van linguistiese diversiteit tussen hierdie twee tale wat die gevolg van kulturele diversiteit is. Die vertaler het 'n belangrike taak, naamlik om die boodskap in die teks so doeltreffend moontlik oor te dra. Daar word dus van die

vertaler verwag om, onder andere, oor 'n grondige kennis te beskik van die kulture van die tale wat ter sprake is.

5.2. VOORSTELLE VIR DIE OPLOSSING VAN PROBLEME WAT ONTSTAAN AS GEVOLG VAN LINGUISTIESE DIVERSITEIT

Aanvaarbare oplossings met duidelike voorstelle vir vertalers kon nie by al die probleme gebied word nie, terwyl oplossings wel vir sekere probleme gebied kon word na aanleiding van die voorstelle van, onder andere, Newmark (1982, 1983). Die vertaler moet dus tot 'n groot mate sy/haar eie diskresie gebruik. Uit die voorstelle van Newmark (1982, 1988) is dit duidelik dat die enigste werklike reël hier is dat die brontaaltekste so na as moontlik aan die doeltaaltekste moet bly wat inhoud en emosionele waarde betref.

By die vertaling van, onder andere, eiename, spreekwoorde, idioome en metafore en woordspeling kan die riglyne gevolg word wat deur Newmark (1982:70-83; 84-96), Newmark (1988:217), Van den Broeck en Lefevere (1979:137-142) en Bezuidenhout (1981:4-6) gegee word:

- * Indien 'n naam 'n sekere eienskap moet oordra of funksie beklee, moet 'n ekwivalent in die doeltaal gesoek word.
- * Indien daar nie 'n ekwivalent in die doeltaal vir 'n kultuuritem in die brontaal bestaan nie, kan dit deur metatekste aangevul word.
- * Vir die vertaling van woordspelings, ideofone en tussenwerpsels, is die vertaler op sy/haar eie oordeel aangewese. Aangesien daar geen vaste riglyne is wat

bepaal of woordspeling ten alle koste behou moet word nie, moet die vertaler nogeens die beginsel van doeltreffende kommunikasie in gedagte hou.

- * Wat beeldspraak betref, is idiome en metafore in 'n bepaalde kultuur ingebed. Daar moet veral gelet word op taalverskille, begripsprobleme en meervoudige betekenis. Persone buite 'n betrokke kultuur kan dit soms moeilik vind om te verstaan wat 'n idioom of metafoor in 'n ander taal beteken. 'n Idioom en metafoor hang gewoonlik saam met die gebruike en lewenspatrone van die betrokke kultuur.

In Noord-Sotho is klem 'n linguistiese eienskap en twee hoofstrategieë word gebruik om klem aan te dui, nl. pronominale beklemtoning en verandering in woordvolgorde. Die vertaler moet fyn oplet na hierdie emfatiese merkers, sodat hy/sy die regte boodskap oordra.

Kongruensiemorfeme lewer veral probleme op in die vertaling uit 'n Noord-Sotho teks in Afrikaans. So word dieselfde onderwerpsmorfeem, naamlik o gebruik om die betekenis hy/sy uit te druk. In sommige gevalle word die selfstandige naamwoord verswyg, omdat dit vroeër in die teks genoem is en dus aan die hoorder of leser bekend is. In so 'n geval word, byvoorbeeld, net die onderwerpsmorfeem in die plek van die selfstandige naamwoord geskryf. Dit is dus nie altyd duidelik na watter selfstandige naamwoord hierdie linguistiese skakels verwys nie en die vertaler moet soms die verhouding tussen die illokusionêre handeling daarstel, sodat hy/sy die koherensie van die diskoers kan bepaal. Dit behels dat die vertaler altyd moet let op formele leidrade op semantiese en sintaktiese vlak, byvoorbeeld selfstandige naamwoorde wat vroeër in die teks gebruik is, om die bepaalde bedoeling van die outeur met die gebruik van die betrokke uiting te bepaal. Hierdie formele leidrade kan die vertaler in die

vertaling lei.

Die vertaler is met die vertaling van enige teks tussen die twee pole van betekenis en vorm vasgevang. In die vertaling moet die vertaler 'n fyn balans tussen die oordrag van betekenis en vorm handhaaf. As die vertaler net op die oordrag van betekenis ingestel is, bestaan die gevaar dat hy/sy in die strik van parafrasering kan trap en die vormlike elemente uit die oog kan verloor wat bydra tot die impak van die boodskap op die hoorder of leser. Dit is belangrik dat die vertaler die formele eienskappe soos ritme en parallelisme op die een of ander manier sal oordra, selfs al is die leser in die doeltaal nie so sensitief daarvoor as die moedertaalleser wat in 'n ander literêre tradisie grootgeword het nie. Dit kan gedoen word deur, byvoorbeeld, die weglating van punktuasie en hoofletters sodat sinne en sinsnedes as eenhede gelees word, deur onderwerpswisseling en deur passiewe sinne, waar nodig, in die aktiewe vorm oor te skryf.

Komposita lewer ook probleme op in die vertaling van 'n teks uit Noord-Sotho in Afrikaans. Volgens Bezuidenhout (1981:85) kan die vertaler hierdie woorde of woorddele slegs met behulp van verskeie woorde omskryf.

Met die vertaling van *Sebilwane* is ook 'n poging aangewend om die Landeskunde-aspekte van die Noord-Sothokultuur aan die nie-Sothospreker bekend te stel. Met die lees van die Afrikaanse vertaling van *Sebilwane* word die nie-Sothopersoon bewus gemaak van die verskeidenheid kulture in ons land wat die mense se begrip van die Noord-Sotho se geskiedenis en kultuur verbreed en verdiep. Die lees van die vertaling kweek respek vir die Noord-Sotho se tradisies en gelowe. Die leser verkry kennis van en insig in tradisies, gelowe en die historiese oorsprong van taboes en die gewoontes van die Noord-Sotho wat sodoende tot die ontstaan van gesonde verstandhoudings

tussen bevolkingsgroepe lei. Hierdie epiëse gedig gee 'n kykie in die geskiedenis en lewe van die tradisievolle Noord-Sotho.

Die Afrikakultuur het baie dinge van die Weste oorgeneem, veral op materiële en tegnologiese gebied. Hulle het egter nie hul basiese tradisionele lewensbeskouing laat vaar nie. Baie standpunte is oënskynlik ondergeploeg, maar het nog steeds onder die tradisiegetroue Noord-Sotho in veral die plattelandse gebiede voortbestaan (Pretorius, 1997:70).

5.3. VOORSTELLE VIR DIE OPLOSSING VAN PROBLEME WAT ONTSTAAN AS GEVOLG VAN KULTURELE DIVERSITEIT

Die studie was in die tweede plek daarop gemik om die spesifieke probleme te identifiseer wat opduik by die vertaling van kultuurgebonde terme in die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans en om moontlike oplossings daarvoor te vind.

Indien daar in 'n teks verwys word na begrippe en items wat eie aan 'n bepaalde kultuur is en wat volksvreemd vir lesers van 'n ander taal en kultuur is, ontstaan 'n gebrek aan algehele ekwivalensie. Hierdie gebrek aan algehele ekwivalensie is egter nie onoorbrugbaar nie, aangesien daar sekere oplossings bestaan vir die probleme wat in die vertaling ontstaan.

Wat die vertaling van kultuurgebonde items betref, moet die vertaler bewus wees van die belangrikheid van kulturele patrone, denkvorme, waardesisteme en gelowe van die sprekers van die brontaal, sowel as die doeltaal. Dit beteken dat die vertaler kennis moet hê van en sensitiwiteit vir die tale waarmee hy/sy werk, asook kennis en

ondervinding van die kulture wat hy/sy uitdruk.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word by die opstel van 'n verwysingsraamwerk vir vertalers by die vertaling van literêre werke uit Noord-Sotho in Afrikaans, is dat algehele ekwivalensie nie moontlik is nie. Die oplossings vir die probleme waarmee daar in die vertaling van *Sebilwane* te doen gekry is, is bloot voorstelle en 'n hulpmiddel vir die vertaler en moet nie noodwendig rigied nagevolg word nie. Soos elke vertaling vanweë die aard van die inhoud en konteks sal verskil, so verskil vertalers wat betref hul eie verwysingsraamwerke en tegnieke. Dit sou dus 'n onmoontlike taak wees om in dié verband voorskriftelik te probeer wees.

Vertalings van literêre werke uit die Afrikatale is noodsaaklik vir beter begrip tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Dit is dus belangrik dat meer soortgelyke vertalings gedoen moet word sodat meer onderlinge kennis oor die tradisies, geskiedenis en gebruike van die verskillende etniese groepe toeganklik gemaak word vir verskillende lesers.

Die bevindinge in hierdie studie kan wyer getrek word as die vertaling van *Sebilwane*. Die onderwerp van ekwivalensie op woord- en sinvlak in die vertaling van literêre werke uit een van die Afrikatale in Afrikaans bied wye ontginningsvelde vir verdere studies. Verdere studies wat onderneem word in die veld van ekwivalensie op woord- en sinvlak in die vertaling van literêre werke uit een van die Afrikatale in Afrikaans, kan veral daarop gemik wees om ondersoek in te stel na soortgelyke probleme as dié wat in hierdie studie bespreek is of ander probleme wat ontstaan as gevolg van linguistiese of kulturele diversiteit tussen die twee tale.

BRONNELYS

ALVERSON, H.S. 1969. Determining utterance equivalences in interlingual translation. *Anthropological Linguistics*. 11: 247-253.

ANDREWS, I.C. 1992. Die vertaling van klanklike aspekte binne die sonnet met spesiale verwysing na verhaal en drie vertalings. (Pretoria: UNISA: Ongepubliseerde M.A.-verhandeling).

BASSNETT-McGUIRE, S. 1980. Translation studies. London: Methuen.

BEEKMAN, J. & CALLOW, J. 1974. Translating the Word of God. Grand Rapids: Zondervan.

BELL, R.T. 1991. Translation and translating. Theory and practice. London: Longman.

BEUCHAT, C. & VALDIVIESO, C. 1992. Translation of children's literature: intercultural communication. *Bookbird*. 30(1), March.

BEZUIDENHOUT, J.S. 1981. Noord-Sotho-spreekwoord & -gesegde. (PU vir CHO: Ongepubliseerde M.A.-verhandeling).

BILL, M.C. 1982. The blanket of darkness: problems in translating from a Bantu language into English. *South African Journal of African Languages*. 2(3):91-117.

- BRISLIN, R.W. *ed.* 1976. Translation, applications and research. New York: Gardener Press.
- BROWN, G. & YULE, G. 1983. Discourse analysis. Cambridge: Cambridge University Press.
- CARSTENS, W.A.M. 1987. De Beaugrande en Dressler (1981) se "Standaarde van tekstualiteit". *S A Journal of Linguistics*. 5(2):17-32.
- CATFORD, J.C. 1965. A linguistic theory of translation: an essay in applied linguistics. London: Oxford University Press.
- CHAPMAN, J. 1983. Reading development and cohesion. London: Heinemann.
- CLUVER, A.R. de V. 1988. Towards a post-positivistic model of technical languages. *TermNet News*. 20:1-10.
- CLUYSENAAR, A. 1976. Introduction to literary stylistics. London: Batsford.
- CORTI, M. 1978. An introduction to literary semiotics. Bloomington: Indiana University Press.
- CUDDON, J.A. 1980. A dictionary of literary terms. Ontario.
- DAGUT, M.B. 1976. Can metaphor be translated? *Babel*. 22 (1):21-33.

DE BEAUGRANDE, R.A. & DRESSLER, W.U. 1981. Introduction to text linguistics. London: Longman.

DEGENAAR, J. 1995. SA kan nie 'n nasie bou nie. *Insig*. 9 Mei.

DE STADLER, L.G. 1989. Afrikaanse semantiek. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

DE WAARD, J. 1974. Biblical metaphors and their translation. *The Bible Translator*. 25(1):107-116.

DODD, C.H. 1982. Dynamics of international communications. Dubuque: Wm.C.Brown.

ERDMENGER, M. & ISTEEL, H.W. 1973. Didaktik der Landeskunde. München: Max Heuber.

FELA, N.M. 1961. *Sebilwane*. Pretoria: J.L. van Schaik.

FIELDS, W.W. 1981. The translation of Biblical live and dead metaphors and similes and other idioms. *Grace theological journal*. 2:191-204.

GROENEWALD, P.S. 1987. Noord-Sotho: 'n genre-indeling. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*. 7(4):111-117.

GROENEWALD, P.S. 1988. Versvorm in Noord-Sotho: 1935-1988. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*. 8(2):35-40.

- GROVÉ, A.P. s.a. Raka, 'n blokboek. Pretoria: Academia.
- HAFTER, P. 1984. Sosiokulturele veronderstellings en moontlike oplossings vir die weergawe daarvan in literêre vertalings. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 24 (1): 17-20 Maart.
- HALLIDAY, M.A.K. & HASAN, R. 1976. Cohesion in English. London: Longman.
- HALLIDAY, M.A.K. & HASAN, R. 1985. Language, context and text: aspects of language in a social-semiotic perspective. Victoria: Deakin University.
- HATIM, B. & MASON, I. 1990. Discourse and the translator. London: Longman.
- HENLE, PL (ed.) 1958. Language, thought, and culture. Ann Arbor: University of Michigan Press.
- HERVEY, S. & HIGGINS, I. 1992. Thinking translation. London: Routledge.
- HINTIKKA, J. 1994. Aspects of metaphor. Dordrecht: Kluwer Academic Publishers.
- HOUSE, J. 1977. A model for translation quality assessment. Tübingen: Gunter Narr Verlag.
- HRUSHOVSKI, B. 1984. Poetic metaphor and frames of reference. *Poetics Today*. 5(1):5-43.

- IVIR, V. 1975. Social aspects of translation. *Studia Romanica et Anglica Zagradiensia*. 39:205-213. Zagreb, Filozofski Fakultet, Ulica D. Salaja.
- JAKOBSON, R. 1966. On linguistic aspects of translation. (*In* Brower, R.A., ed. *On translation*.) New York: Oxford University Press. pp. 232-239.
- JOOS, M. 1962. *The seven clocks*. The Hague: Mouton.
- JOYCE, J. 1982. *A portrait of the artist as a young man*. London: Granada.
- KASSÜHLKE, R. 1976. Linguistic and cultural implications of Bible translation. (*In* Brislin, R.W., ed. *Translation applications and research*.) New York: Gardner Press. pp. 279-299.
- KELLY, L. 1979. *The true interpreter. A history of translation theory and practice in the West*. Oxford: Basil Blackwell.
- Kernaantekeninge. s.a. Studiegids ENL 851 theorie van vertaling. DEPARTMENT OF ENGLISH LANGUAGE AND LITERATURE. Ongepubliceerde aantekeninge. Potchefstroom: PU VIR CHO.
- KLOEPFER, W. 1967. *Die Theorie der literarischen Übersetzung*. Fink: Munich.
- KOCHOL, V. 1970. The problem of verse rhythm in translation. (*In*: Holmes, J.S. (ed.) *The nature of translation. Essays on the theory and practice of literary translation*.) The Hague: Mouton. pp. 106-111.

- KRIGE, E.J. 1957. 3rd ed. The social system of the Zulus. Pietermaritzburg: Shuter & Shooter.
- LARSON, M.L. 1984. Meaning-based translation: a guide to cross-language equivalence. Lanham: University Press of America.
- LEFEVERE, A. 1992a. Translation, history, culture: a sourcebook. London: Routledge.
- LEFEVERE, A. 1992b. Translating literature: practice and theory in a comparative literature context. New York: Modern Language Association of America.
- LOEWEN, J.A. 1975. Non-literal meanings - I. How to recognize them and use them effectively in translation. *The Bible Translator*. 26(2):223-234.
- LOMBARD, D.P., VAN WYK, E.B., MOKGOKONG, P.C. 1985. Inleiding tot die grammatika van Noord-Sotho. Pretoria: J.L. van Schaik.
- LOUWRENS, L.J. 1991. Aspects of Northern Sotho grammar. Pretoria: Via Afrika Limited.
- LOUWRENS, L.J. 1994. Dictionary of Northern Sotho grammatical terms. Pretoria: Via Afrika.
- MARTON, W. 1968. Equivalence and congruence in transformational contrastive studies. *Studia Anglica Posnaniensia I*: 53-62.

- MÖNNIG, H.O. 1967. The Pedi. Pretoria: J.L. van Schaik.
- MOOIJ, J.J.A. 1976. A study of metaphor. On the nature of metaphorical expressions, with special reference to their reference. Amsterdam: North-Holland Publishing Company.
- NELSON, M.E. 1991. 'Ze willen grieven eten': teorie en praktyk van die vertaling van 'n Nederlandse kinderboek. (PU vir CHO: Ongepubliseerde proefskrif (D.Litt.)).
- NEUBERT, A. 1970. Elemente einer allgemeinen Theorie der Translation. *Actes du Xe Congrès International des Linguistes 1967 Bucarest, II*:451-456.
- NEWMARK, P. 1980. The translation of metaphor. *Babel*. 26(2):93-100.
- NEWMARK, P. 1982. Approaches to translation. Oxford: Pergamon Press.
- NEWMARK, P. 1988. A textbook of translation. London: Prentice Hall.
- NIDA, E.A. 1959. Principles of translation as exemplified by Bible translating. (*In* Brower, R.A., ed. 1959. *On Translation*.) New York: Oxford University Press. pp. 11-31.
- NIDA, E.A. 1964. Toward a science of translating with special reference to principles and procedures involved in Bible translation. Leiden: Brill.

- NIDA, E.A. 1976. A framework for the analysis and evaluation of theories of translation. (*In* Brislin, R.W., ed. Translation applications and research.) New York: Gardener Press. pp 47-91.
- NIDA, E.A. & TABER, C. 1969. The theory and practice of translation. Leiden: Brill.
- NIDA, E.A. & TABER, C.R. 1982. The theory and practice of translation. 2nd ed. Leiden: Brill.
- NIDA, E.A., LOUW, J.P., SNYMAN, A.H. & CRONJE. *Comps.* 1983. *Style and discourse. With special reference to the text of the Greek New Testament.* Cape Town: Bible Society of South Africa.
- NORD, C. 1989. 'Loyalität statt Treue', *Lebende Sprachen*. 34(3): 100-105.
- NORD, C. 1997. Translating as a purposeful activity. Functionalist approaches explained. Manchester, UK: St Jerome Publishing.
- NTSANWISI, H.W.E. 1965. The idiom in Tsonga - a descriptive study. (Pretoria: UNISA: Ongepubliseerde proefskrif).
- PICARD, J.H. 1979. From Source to Target. In: *The Language Practitioner*. No 1:5-12.
- POPOVIC, A. 1976. Dictionary for the analysis of literary translation. Edmonton, Alberta: Dept. of comparative literature, University of Alberta.

PRETORIUS, H.M. 1997. Die vertaling en groepering van Landeskunde elemente in geselekteerde verhale van Bessie Head. (PU vir CHO: Ongepubliseerde M.A.-verhandeling).

PRETORIUS, W.J. 1989. Aspects of Northern Sotho poetry. Pretoria: Via Afrika Limited.

PRINSLOO, D.J. 1985. Beginsels waarop taaltipologie en tipologiese verandering berus. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*. (5)4:128-137

PRINSLOO, D.J. 1988. Taaltipologiese verandering by vraagpartikels in Noord-Sotho. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*. (8)4:144-150.

REISS, K. 1977. Texttypen, Übersetzungstypen und die Beurteilung von Übersetzungen. *Lebende Sprachen*. 22(3):97-100.

SHIBLES, W.A. 1971. An analysis of metaphor in the light of WM Urban's theories. The Hague: Mouton.

SOSKICE, JANET, M. 1987. Metaphor and religious language. Oxford: Clarendon Press.

THE CONCISE OXFORD DICTIONARY. Ninth Edition 1995. Oxford: Clarendon Press.

TOURY, G. 1981. Translated literature: system, norm, performance. Toward a TT-orientated approach to literary translation. *Poetics today*. 2(4):9-27. Summer/Autumn.

- TRIANDES, H. 1976. Approaches towards minimizing translation. (*In* Brislin, R.W., ed. *Translation applications and research.*) New York: Gardener Press. pp. 229-243.
- VAN DEN BROECK, R. 1981. The limits of translatability exemplified by metaphor translation. *Poetics Today*. 2(4):73-88.
- VAN DEN BROECK, R. & LEFEVERE, A. 1979. *Uitnodiging tot de vertaalwetenskap*. Muiderberg: Coutinho.
- VAN DER MERWE, F.P. 1958. *Die vertaling as kuns*. Johannesburg: SAUK.
- VAN DER WALT, S. 1997. *Die vertaling van kultuurgebonde uitdrukkings in Afrikaanse kinderverhale*. (PU vir CHO: Ongepubliseerde M.A.-verhandeling).
- VAN LEUVEN-ZWART, K.M. 1992. *Vertaalwetenskap: ontwikkelings en perspektiewe*. Muiderberg: Coutinho.
- VAN NIEKERK, A. 1992. *Saam in Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- VAN WYK, E.B.; GROENEWALD, P.S.; PRINSLOO, D.J.; KOCK, J.H.M.; TALJARD, E. 1990. *Noord-Sotho vir eerstejaars*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- WALKER, A.K., KRUGER, A. & ANDREWS, I.C. 1995. Translation as transformation: a process of linguistic and cultural adaptation. *South African Journal of Linguistics*. Suppl. 26:99-115.

WENDLAND, E.R. 1985. Language, society, and Bible translation. With special reference to the style and structures of segments of direct speech in the Scriptures. Cape Town: Bible Society of South Africa.

WILSS, W. 1976. Perspectives and limitations of a didactic framework for the teaching of translation. (*In* Brislin, R.W., ed. 1976. Translation applications and research.) New York: Gardener Press. pp. 117-137.

WILSS, W. 1982. The science of translation. Tübingen: Gunter Narr Verlag.